



**Wes-Kaapse  
Regering**

Kultuursake en Sport

---

# Jaarlikse Prestasieplan

2020/2021

# **Departement van Kultuursake en Sport Wes-Kaap**

## **Jaarlikse Prestasieplan**

---

**2020/21**

**10 Maart 2020**

# INHOUD

VERKLARING DEUR UITVOERENDE GESAG .....	4
VERKLARING DEUR REKENPLIGTIGE BEAMpte .....	5
AMPTELIKE AFTEKENING.....	6
AKRONIEME .....	7
DEEL A: ONS MANDAAT .....	9
1.    Bywerkings van die tersaaklike wetgewende en beleidsmandate.....	9
1.1 Konstitutionele mandate .....	9
1.2 Wetgewende en beleidsmandate .....	11
1.3 Beleidsmandate .....	14
2.    Bywerking van institusionele beleide en strategieë .....	30
2.1.    Institutionele benaderings .....	30
2.2.    Diensleweringverbeteringsplan.....	34
2.3.    Beplande beleidsinisiatiewe .....	35
3.    Bygewerkte tersaaklike hofuitsprake .....	35
DEEL B: ONS STRATEGIESE FOKUS .....	37
4.    Bygewerkte omstandigheidsontleding .....	37
4.1.    Ontleding van die eksterne omgewing.....	37
4.2.    Interne omgewing.....	40
DEEL C: MEET VAN ONS PRESTASIE .....	44
5.    Program 1 Prestasie-inligting .....	44
Program 1: Administrasie.....	44
5.1.    Uitkomste, uitsette, prestasie-aanwysers, jaarlikse en kwartaallikse teikens.....	45
5.2.    Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermyn tydperk.....	46
5.3.    Program se hulpbronoorwegings.....	47
5.4.    Bygewerkte deurslaggewende risiko's .....	48
6.    Program 2 Prestasie-inligting .....	49
6.1.    Uitkomste, uitsette, prestasie-aanwysers, jaarlikse en kwartaallikse teikens.....	50
6.2.    Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermyn tydperk.....	53
6.3.    Program se hulpbronoorwegings.....	55
6.4.    Bygewerkte deurslaggewende risiko's .....	56
7.    Program 3: Prestasie-inligting .....	57

7.1.	Uitkomste, uitsette, prestasie-aanwysers, jaarlikse en kwartaallikse teikens.....	58
7.2.	Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermynthydperk.....	61
7.3.	Program se hulpbronoorwegings.....	63
7.4.	Bygewerkte deurslaggewende risiko's.....	64
8.	Program 4 Prestasie-inligting .....	65
8.1.	Uitkomste, uitsette, prestasie-aanwysers, jaarlikse en kwartaallikse teikens.....	66
8.2.	Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermynthydperk.....	69
8.3.	Program se hulpbronoorwegings.....	70
8.4.	Bygewerkte deurslaggewende risiko's.....	71
9.	Openbare entiteite.....	72
10.	Infrastruktuurprojekte .....	72
11.	Openbare-private-vennootskappe .....	72
	<b>DEEL D: BESKRYWINGS VAN TEGNIESE AANWYSERS (TAB) .....</b>	<b>73</b>
	<b>BYLAE A: WYSIGINGS AAN DIE STRATEGIESE PLAN .....</b>	<b>137</b>
	<b>BYLAE B: VOORWAARDELIKE TOELAES .....</b>	<b>138</b>
	<b>BYLAE C: GEKONSOLIDEERDE AANWYSERS .....</b>	<b>144</b>
	<b>BYLAE D: DISTRIKONTWIKKELINGSMODEL .....</b>	<b>145</b>

## **VERKLARING DEUR UITVOERENDE GESAG**

Aangesien die Wes-Kaapse Regering daarop fokus om op 'n innoverende wyse veiligheid te verhoog en geleenthede te skep waardeur ons kapasiteit vir maatskaplike inklusie versterk kan word, is die Departement van Kultuursake en Sport behulpsaam met die skep van 'n provinsie waarin kinders gesonder, veiliger en beter voorbereid op die ekonomiese van die toekoms kan opgroei.

Hierdie departement fokus daarop om deur deelname aan sport en rekreasie die welstand van ons inwoners wat, op die keper beskou, die siel en maatskaplike onderbou van ons provinsie is, te verseker deurdat ons daaraan werk om erfenis, taal, kultuur en die kunste te populariseer deur te fokus op die jeug wat deur armoede, uitsluiting, veiligheidsrisiko's en werkloosheid gekonfronteer word.


Die Departement van Kultuursake en Sport het goeie vordering getoon met die aanmoediging van uitnemendheid en inklusiwiteit in sport deur die doeltreffende en doelmatige gebruik van ons hulpbronne, en deur middel van volhoubare venootskappe. In ons streef na uitnemendheid en om van die Wes-Kaap die middelpunt van sport en kultuur in Suid-Afrika te maak, bly ons daar toe verbind om die bemagtigende omstandighede te skep wat nodig is sodat toeganklikheid en massadeelname, die identifikasie van talent en die ontwikkeling van vaardighede kan floreer.

Wêreldwyd word al hoe meer toegegee dat die kulturele en skeppende bedrywe kan bydra tot ekonomiese groei en werkskepping. 'n Vername onderdeel van hierdie sektor is die erfenisbedryf, wat ook 'n belangrike rol vervul om maatskaplike kohesie op 'n nasionalevlak te bevorder en 'n internasionale sin van plek te skep. In hierdie verband het ons aansienlik gevorder met die voorbereiding van twee opeenvolgende nominasies om erkenning as VNOKO-wêrelderfenisterreine te verkry, sowel as 'n reeks intervensies wat op die transformasie van erfenis afgestem is.

Hierdie jaarlike prestasieplan sit die maatreëls uiteen wat daargestel is om ons visie, missie en strategiese doelwitte ten opsigte van prestasieteikens binne die begroting vir die 2020/21-boekjaar en die provinsie se strategiese plan en visie-geïnspireerde prioriteite te behaal. Ons gaan in die besonder fokus op ons pogings om veilige en inklusiewe gemeenskappe te skep en mense te bemagtig.

In die bereiking van ons strategiese doelwitte voorsien ons dat daar verskeie uitdagings sal wees, gegewe die huidige fiskale omgewing en die gevolglike ingekorte begroting. Nogtans is ek daarvan oortuig dat hierdie departement steeds met sorgsaamheid, bevoegdheid, verantwoordbaarheid, integriteit, innovering en responsiwiteit aan sy mandaat sal voldoen.

Ons gaan voort om saam met gemeenskappe, personeel, eksterne belanghebbers en strategiese vennote daarna te streef om die werk, soos uitgestip in hierdie plan, te lewer. Hierdie plan is 'n amptelike riglyn vir die departement vir die jaar wat voorlê. Ek sien daarna uit om proaktief die politieke leiding te verskaf wat nodig is om deur middel van sport en kultuursake die diversiteit van almal wat die Wes-Kaap as hulle tuiste beskou, te verenig.



**ANROUX MARAIS, LPP**

**UITVOERENDE GESAG VAN KULTUURSAKE EN SPORT**

**FEBRUARIE 2020**

## **VERKLARING DEUR REKENPLIGTIGE BEAMPTE**

In die loop van hierdie MTUR-tydperk is die departement van voorneme om voort te bou op die suksesse en die lesse wat hy uit die afgelope paar jaar se beplanningsiklus geleer het. Soos blyk uit die tydperk 2014-2019 se resultate, het die departement aansienlike vordering getoon met die bereiking van sy visie van 'n maatskaplik inklusiewe, kreatiewe, aktiewe en verbonde Wes-Kaap deur konsekwent beplande prestasieteikens te behaal in 'n klimaat wat deur goeie bestuursoorsig onderskraag word.


Derhalwe gaan die departement sekere elemente, soos vervat in die nasionale mediumtermyn-strategiese raamwerk vir 2019-2024 en die provinsiale strategiese plan gedateer 2019-2024, implementeer met 'n fokus op die visie-geïnspireerde prioriteite "Bemagtiging van mense" en "Veilige en koherente gemeenskappe".

Maatskaplike kohesie is dié enkele element wat gemeenskappe saam snoer. Derhalwe wentel die werk wat deur die departement in die komende jare verrig gaan word, rondom hierdie konsep en sal dit as grondslag dien vir alle werk wat verrig word. In die besonder gaan die departement hierdie konsep bevorder deur middel van:

- Aktiwiteite wat 'n sin van behorendheid skep (bv. bevordering van kulturele tradisies, spandeelname en 'n gemeenskaplike doelwit – hierby ingesluit is padvinders, leeskringe, jeugkafees, en navorsing oor argiewe of erfenis)
- Aktiwiteite wat 'n sin van deelname skep (bv. sport en ontspanning, kuns, naskoolse programme)
- Aktiwiteite wat 'n sin van vertroue wek (bv. goeie bestuurstoesig, skoon administrasie, behaling van doelwitte se voorafbepaalde teikens, burgerverslae, jaarlikse verslagdoening, kommunikasie en vergaderings met kliënte)

Vir die 2020/21-boekjaar gaan die departement dus aanhou om daarna te streef om toestande te skep wat dit vir individue en gemeenskappe moontlik maak om toegang te hê tot geleenthede vir deelname aan die samelewning, gegrond op goeie bestuurstoesig wat verbeterde dienslewering en die implementering van programme in die hand werk.

Danksy die bewese toewyding van ons personeel en die ondersteuning van ons minister, sal ons in staat sal wees om 'n balans te vind sodat dienste op 'n innoverende wyse gelewer kan word tot voordeel van die mense van die Wes-Kaap ten spyte van moeilike finansiële omstandighede.



**BRENT WALTERS**

**REKENPLIGTIGE BEAMPTE: Departement van Kultuursake en Sport**

**FEBRUARIE 2020**

## AMPTELIKE AFTEKENING

Daar word hiermee gesertifiseer dat hierdie jaarlikse prestasieplan:

- ontwikkel is deur die bestuur van die Departement van Kultuursake en Sport onder leiding van minister Anroux Marais;
- ag slaan op alle tersaaklike beleide, wetgewing en ander mandate waarvoor die Departement van Kultuursake en Sport verantwoordelik is; en
- 'n akkurate weerspieëeling is van die impakte, uitkomste en uitsette wat die Departement van Kultuursake en Sport van voorneme is om in die tydperk 2020/21 te behaal.

**Brenda Rutgers**

**Bestuurder Program 1**



**Guy Redman**

**Bestuurder Program 2 & 3**



**Handtekening**

**Jacqueline Boule**

**Bestuurder Program 4**



**Handtekening**

**Brenda Rutgers**

**Hoof-Finansiële Beampte**



**Handtekening**

**Shaun Julie**


**Direkteur: Strategiese en Bedryfsbestuurondersteuning**



**Handtekening**

**Brent Walters**

**Rekenpligtige Beampte**



**Handtekening**

**Goedgekeur deur:**

**Anroux Marais**

**Uitvoerende Gesag**



**Handtekening**

## AKRONIEME

4IR	Vierde industriële revolusie
AERP	Algemeen erkende rekeningkundige praktyke
AtoM	Access to Memory
BelCom	Beboude omgewing- en landskapkomitee
BS	Buurtskole
CASMIS	Inligtingstelsel vir kultuursake en sportbestuur
Ce-I	Sentrum vir e-Innovasie
DB	Diensbillikheid
DBO	Departement van Basiese Onderwys
DEOT	Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme
DKES	Departement van Kultuursake en Sport
DKK	Nasionale Departement van Kuns en Kultuur
DLVP	Diensleweringverbeteringsplan
DORA	Wet op die Verdeling van Inkomste (jaarliks)
DSA	Departement vir Staatsdiens en Administrasie
DSKK	Departement van Sport, Kuns en Kultuur
EWK	Erfenis Wes-Kaap
GBBP	Gebruikerbatebestuursplan
GDB	Gesamentlike distrikbenadering
GOP	Geïntegreerde ontwikkelingsplan
HFB	Hoof-finansiële beampete
IKT	Inligting- en kommunikasietegnologie
ING	Interaktiewe netwerk vir gemeenskapstoegang
IRV	Interregeringsverhoudings
LPP	Lid van provinsiale parlement
LUR	Lid van die [provinsiale] uitvoerende raad (provinsiale minister)
M&E	Monitering en evaluering
MGO	Massadeelname; geleenthede en toegang; ontwikkeling en groei
MH	Menslike hulpbronne
MMG	Mense met gestremdhede
MTSR	Mediumtermyn- strategiese raamwerk
MTUR	Mediumtermyn-uitgaweraamwerk
MvV	Memorandum van Verstandhouding
NER	Nasionale Erfenisraad
NKR	Nasionale Kunsteraad
NOP	Nasionale ontwikkelingsplan: Visie 2030
NRO	Nieregeringsorganisasie
NSP	Naskoolprogram

NSRP	Nasionale sport- en rekreasieplan
OIB	Ondernemingsinhoudbestuur
ORB	Ondernemingrisikobestuur
PAJA	Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid
PanSAT	Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad
PAP	Provinsiale aksieplan
PK	Provinsiale kennisgewing
PSD	Provinsiale strategiese doelwit
PSP	Provinsiale strategiese plan
PTK	Provinsiale taalkomitee van PanSAT
RLCP	Konnektiwiteitsprojek vir landelike biblioteke
RSA	Republiek van Suid-Afrika
RWM&E-stelsel	Regeringswye monitering- en evalueringstelsel
SAEHA	Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap
SASKOK	Suid-Afrikaanse Sportkonfederasie en Olimpiese Komitee
SASREA	Wet op Veiligheid by Sport- en Ontspanningsgeleenthede
SBD	Senior bestuursdienste
SGMDP	Siyadlala-gemeenskapmassadeelnameprogram
SRSA	Sport en Rekreasie Suid-Afrika
SSMDP	Skoolsport-massadeelnameprogram
UNESCO	Verenigde Nasies se opvoedkundige, wetenskaplike en kulturele organisasie
UOWP	Uitgebreide-openbarewerkeprogram
UWK	Universiteit van die Wes-Kaap
VIP	Visie-geïnspireerde prioriteit
VKB	Voorsieningskanaalbestuur
WK	Wes-Kaap
WKKGN	Wes-Kaapse provinsiale komitee vir geografiese name
WKKK	Wes-Kaapse Kultuurkommissie
WKOD	Wes-Kaapse Onderwysdepartement
WKR	Wes-Kaapse Regering
WTKT	Wes-Kaapse Taalkomitee
WOSA	Hele-samelewing-benadering
WNEH	Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999
WOFB	Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999

# DEEL A: ONS MANDAAT

## 1. Bywerkings van die tersaaklike wetgewende en beleidsmandate

Die Departement van Kultuursake en Sport (DKES) beskou die wetgewende mandaat waarop sy oorhoofse funksionering gebaseer is as bindend, veral ten opsigte van doeltreffende, billike en toeganklike dienslewering gegrond op die nasionale regering se Witskrif oor die Transformasie van Dienslewering in die Staatsdiens, die *Batho Pele*-inisiatief. Die DKES funksioneer binne die wetgewende en beleidsmandate wat in die volgende tabelle uiteengesit word.

### 1.1 Konstitusionele mandate

Artikel	Beskrywing
<b>Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996</b>	
Artikel 6(3), (4) en (5): Taal	Die Wes-Kaapse Regering (WKR) moet by wyse van wetgewende en ander maatreëls sy gebruik van ampelike tale reguleer en moniteer. Alle ampelike tale moet gelyke aansien geniet en moet billik behandel word. DKES werk saam met die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad om die Khoi-, Nama- en San-tale, en Suid-Afrikaanse Gebaretaal, te bevorder en toestande te skep vir die ontwikkeling en gebruik daarvan. Die Wes-Kaapse Taalkomitee (WTK) in samehang met DKES, is daarvoor verantwoordelik om die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid, soos aanvaar in 2001, te moniteer en te evaluateer en moet minstens een keer per jaar aan die Wes-Kaapse provinsiale parlement oor hierdie mandaat verslag doen. Die WTK staan onder toesig van die DKES wat administratiewe en finansiële ondersteuning aan die komitee verleen.
Artikel 30: Taal en kultuur	Die DKES faciliteer geleenthede vir die mense van die Wes-Kaap om hul taal- en kultuurregte uit te oefen deur die programme en projekte wat dit aanbied en ondersteun.
Artikel 31: Kultuur-, godsdienst- en taalgemeenskappe	Die DKES moet verseker dat sy programme en projekte die kultuur- en taaldiversiteit van die Wes-Kaapse bevolking respekteer.
Artikel 41: Beginsels van samewerkende regering en tussenregeringsverhoudinge	Die DKES werk saam met alle regeringsfere. Ingevolge sy spesifieke mandate werk die DKES ten nouste saam met die nasionale departement van kuns en kultuur (DKK) en Sport en Rekreasie Suid-Afrika (SRSA, die nasionale departement verantwoordelik vir sport en ontspanning), nasionale en provinsiale openbare entiteite, en munisipaliteite in die Wes-Kaap.
Artikel 156(4): Toekenning van magte	Die DKES moet by wyse van 'n ooreenkoms en behoudens enige voorwaardes aan 'n munisipaliteit die administrasie opdra van 'n aangeleentheid wat in Deel A van Bylae 4 of Deel A van Bylae 5 vermeld word en wat noodsaaklik wrys op plaaslike regering betrekking het, indien— <ul style="list-style-type: none"><li>• daardie aangeleentheid die doeltreffendste plaaslik geadministreer sou kon word; en</li><li>• die munisipaliteit die vermoë het om dit te administreer.</li></ul> Die DKES faciliteer die lewering van openbarebiblioekdienste, wat plaaslike regering as 'n onbefondsde mandaat beskou. Hierdie dienste word in samewerking met die nasionale tesourie en die nasionale departement van kuns en kultuur gelewer deur middel van die voorwaardelike toelae vir gemeenskapsbiblioteke, en met verdere ondersteuning van die provinsiale tesourie se munisipale vervangingsbefondsing.
Bylae 4: Funksionele gebiede van konkurrente nasionale en provinsiale wetgewende bevoegdheid	Kultuuraangeleenthede <ul style="list-style-type: none"><li>• Die DKES werk ten nouste saam met die DKK en verwante staatsorgane sover dit konkurrente kuns-, kultuur- en erfenisangeleenthede aangaan.</li></ul> Taalbeleid en die regulering van ampelike tale in die mate waartoe die bepalings van artikel 6 van die Grondwet uitdruklik wetgewende bevoegdheid aan die Wes-Kaapse provinsiale wetgewer verleen: <ul style="list-style-type: none"><li>• Die DKES werk ten nouste saam met die DKK en verwante staatsorgane rakende taalbeleidaangeleenthede.</li></ul>

<b>Artikel</b>	<b>Beskrywing</b>
Bylae 5: Funksionele areas van eksklusieve provinsiale wetgewende bevoegdheid	<p>Argiewe buiten nasionale argiewe:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Die DKES het 'n mandaat om provinsiale wetgewing rakende argiewe, buiten nasionale argiewe, te formuleer en om die implementering daarvan te bestuur. Die departement is verantwoordelik vir die Wes-Kaapse argief- en rekorddiens.</li> </ul> <p>Biblioteke buiten nasionale biblioteke:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Die DKES het 'n mandaat om provinsiale wetgewing rakende biblioteke, buiten nasionale biblioteke, te formuleer en om die implementering daarvan te bestuur. Die departement is verantwoordelik vir die lewering van die Wes-Kaapse bibliekdiens en om ten nouste saam te werk met plaaslike owerhede om 'n openbarebiblioteek- en inligtingsdiens te lewer.</li> </ul> <p>Museums buiten nasionale museums:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Die DKES het 'n mandaat om provinsiale wetgewing rakende museums, buiten nasionale museums, te formuleer en om die implementering daarvan te bestuur. Die departement is verantwoordelik vir die lewering van die provinsiale museumdiens, om ten nouste saam te werk met geaffilieerde museums en om hierdie museums te ondersteun.</li> </ul> <p>Provinsiale kultuuraangeleenthede (met inbegrip van erfenishulpbronbestuur en geografiese name):</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Die DKES voorsien Erfenis Wes-Kaap (EWK) – die provinsiale erfenishulpbronowerheid wat ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (WNEH) aangestel is – van personeel en ander gedeelde finansiële en administratiewe ondersteuning om sy regsmandaat uit te voer en te administreer. Die LUR (lid van die [provinsiale] uitvoerende raad) stel die raad van EWK aan en is die aangewese erfenisappèlowerheid vir die Wes-Kaap.</li> <li>Die DKES verskaf professionele en ander ondersteuning aan die Wes-Kaapse provinsiale komitee vir geografiese name (WKKGN) om openbare deelname in verband met die standaardisering van en veranderinge aan geografiese name te faciliteer. Wanneer konsultasie afgehandel is, maak die provinsiale komitee aanbevelings aan die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name.</li> </ul> <p>Sport:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Die DKES het 'n mandaat om te help met die skep van 'n bemagtigende omgewing vir provinsiale sport- en ontspanningsaktiwiteite.</li> </ul>
Artikel 195: Basiese waardes en beginsels wat openbare administrasie beheers	DKES-amptenare moet die bepalings van artikel 195 nakom, wat 'n beskrywing gee van die demokratiese waardes en beginsels wat openbare administrasie beheers. Artikel 195(1)(b) vereis die bevordering van die doeltreffende, ekonomiese en doelmatige gebruik van hulpbronne. Dit impliseer dat programme wat in die openbare sektor onderneem word, die maksimum voordele teen die laagste moontlike koste moet oplewer.
Artikels 92 en 133	<p>Artikel 92 bepaal dat lede van die kabinet gesamentlik en afsonderlik teenoor die parlement aanspreeklik is vir die uitoefening van hul bevoegdhede en die verrigting van hul funksies, en dat hulle die parlement van volledige en gereelde verslae oor aangeleenthede onder hul beheer moet voorsien.</p> <p>Artikel 133 bepaal dat LUR'e van 'n provinsie gesamentlik en afsonderlik teenoor die provinsiale wetgewer aanspreeklik is vir die uitoefening van hul bevoegdhede en die verrigting van hul funksies, en dat hulle die wetgewer van volledige en gereelde verslae oor aangeleenthede onder hul beheer moet voorsien.</p>

#### **Grondwet van die Wes-Kaap (Wet 1 van 1998)**

Artikel 5	<p>Vir die doeleindes van die Wes-Kaapse Regering moet:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>die amptelike tale Afrikaans, Engels en isiXhosa gebruik word; en</li> <li>hierdie tale gelyke status geniet.</li> </ul> <p>Die WKR moet sy gebruik van Afrikaans, Engels en isiXhosa deur wetgewende en ander maatreëls reël en monitor.</p> <p>Die WKR moet ook praktiese en daadwerklike maatreëls tref om die status en gebruik van daardie inheemse tale van die mense van Wes-Kaap, waarvan die status en gebruik histories ingekort is, te verhoog en te bevorder.</p>
Artikel 70	<p>Provinsiale wetgewing moet bepalings neerlê vir die daarstelling en redelike befondsing, gegewe die provinsie se beskikbare hulpbronne, van 'n kultuurraad of -rade vir 'n gemeenskap of gemeenskappe in die provinsie wat 'n gemeenskaplike kultuur- of taalerfenis deel.</p> <p>Registrasie van en steun vir kultuurrade:</p>

<b>Artikel</b>	<b>Beskrywing</b>
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie (WKKK) is belas met die registrasie van en steun vir geregistreerde kultuurrade. Die WKKK staan onder toesig van die DKES wat administratiewe en finansiële ondersteuning aan die kommissie verleen.</li> </ul>
Artikel 81	<p>Die Wes-Kaapse Regering moet beleide om die welsyn van die mense van die provinsie daadwerklik te bevorder en te handhaaf, aanneem en uitvoer, insluitend beleide wat daarop gemik is om die volgende te bereik:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>die bevordering van respek vir die regte van kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe in die Wes-Kaap; en</li> <li>die beskerming en bewaring van die natuurhistoriese, kultuurhistoriese, argeologiese en argitektoniese erfenis van die Wes-Kaap tot voordeel van huidige en toekomstige geslagte.</li> </ul> <p>Die DKES implementeer spesifieke beleide om hierdie bepalings te ondersteun.</p>
Artikel 82	Die rigtinggewende provinsiale beleidsbeginsels in Hoofstuk 10 (artikel 81) begelei die Wes-Kaapse Regering in die opstel en toepassing van wette.

## 1.2 Wetgewende en beleidsmandate

<b>Nasionale wetgewing</b>	<b>Verwysing</b>	<b>Beskrywing</b>
Wet op die Bestuur van Openbare Administrasie, 2014	Wet 11 van 2014	Bevorder die basiese waardes en beginsels wat openbare administrasie beheer soos na verwys in artikel 195(1) van die Grondwet; lê bepalings neer vir die verplasing en sekondering van werknemers in openbare administrasie; reguleer die doen van sake met die staat; lê bepalings neer vir kapasiteitsontwikkeling en opleiding; lê bepalings neer vir die daarstelling van die Nasionale Regeringskool; lê bepalings neer vir die gebruik van inligting- en kommunikasietegnologie in openbare administrasie; stel die eenheid vir tegniese hulp met etiek, integriteit en dissipline in openbare administrasie daar; lê bepalings neer waarvolgens die minister minimumnorme en -standarde vir openbare administrasie kan stel; stel die Kantoor vir Standaarde en Nakoming daar om nakoming van minimumnorme en -standarde te verseker; bemagtig die minister om regulasies neer te lê; en lê bepalings neer vir verwante aangeleenthede.
Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999	Wet 1 van 1999	<p>Die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB):</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>reguleer finansiële bestuur in nasionale en provinsiale regerings, gelyste openbare entiteite, grondwetlike instellings en provinsiale wetgewers;</li> <li>verseker dat alle inkomste, uitgawes, bates en laste van hierdie instansies doeltreffend en doelmatig bestuur word; en</li> <li>omskryf die verantwoordelikhede van mense aan wie die finansiële bestuur van hierdie liggende opgedra is.</li> </ul>
Staatsdienswet, 1994 (soos gewysig deur, <i>inter alia</i> , die Staatsdienswysigingswet, 2007)	Proklamasie 103, Staatskoerant 15791, 3 Junie 1994 en Wet 30 van 2007	Hierdie wet lê bepalings neer vir die organisasie en administrasie van die DKES, die regulering van die diensvooraardes, ampstermyne, disciplinering, aftrede en ontslag van lede van die staatsdiens, en verwante aangeleenthede.
Wet op die Verdeling van Inkomste (jaarliks)	Daar is elke jaar 'n nuwe wet.	<p>Die Wet op die Verdeling van Inkomste (DORA):</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>lê elke jaar bepalings neer vir die billike verdeling van inkomste, wat nasionaal ingevorder is, tussen die nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsfere;</li> <li>bepaal elke jaar elke provinsie se billike deel van die provinsiale gedeelte van daardie inkomste; en</li> <li>maak elke jaar toekennings aan provinsies, plaaslike regerings of munisipaliteite uit die nasionale regering se deel van daardie inkomste, onderhewig aan voorwaardes.</li> </ul> <p>Die DKES ontvang voorwaardelike toelaes van die nasionale regering en is verantwoordelik vir die bestuur van hierdie fondse.</p>

Nasionale wetgewing	Verwysing	Beskrywing
Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000	Wet 2 van 2000	<p>Hierdie wet bring die reg op toegang tot rekords wat deur die staat, regeringsinstellings en private liggeme gehou word, tot uitvoer. Die DKES en alle ander openbare en private liggeme moet, onder andere:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n handleiding saamstel wat aan lede van die publiek verduidelik hoe om 'n aansoek om toegang tot inligting wat deur daardie liggam gehou word, aanhangig te maak; en</li> <li>• 'n inligtingsbeamppte aanstel om versoek om toegang tot inligting wat deur die liggam gehou word, te oorweeg.</li> </ul>
Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000	Wet 3 van 2000	<p>Hierdie wet:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• sit die reëls en riglyne uiteen wat deur administrateurs gevolg moet word wanneer besluite geneem word;</li> <li>• verwag van administrateurs om mense in te lig oor hulle reg tot hersiening of appèl en hulle reg om redes te versoek;</li> <li>• verwag van administrateurs om redes vir hulle besluite te verstrek; en</li> <li>• verleen aan lede van die publiek die reg om die besluite van administrateurs in 'n hof te bevraagteken.</li> </ul>
Wet op Kulturele Instellings, 1998	Wet 119 van 1998	Die DKES moet met nasionaal verklaarde kultuurinstellings skakel en saamwerk ten opsigte van kuns-, kultuur- en erfenisaangeleenthede.
Wet op Kulturele Bevordering, 1983	Wet 35 van 1983	Hierdie wetgewing is spesifiek vir die Wes-Kaap en die DKES is verantwoordelik vir die nakoming van die bepalings van hierdie wet.
Wet op Kulturele Aangeleenthede (Volksraad), 1989	Wet 65 van 1989	Hierdie wetgewing is spesifiek vir die Wes-Kaap en die DKES is verantwoordelik vir die nakoming van die bepalings van hierdie wet.
Wet op die Nasionale Argiewe en Rekorddiens van Suid-Afrika, 1996	Wet 43 van 1996	Die DKES is verantwoordelik vir die benoeming van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger om in die Adviesraad van die Nasionale Argief te dien. Die departement is ook verantwoordelik vir nakoming van die nasionale norme en standarde wat ingevolge hierdie wet gestel is.
Wet op die Nasionale Kunsteraad, 1997	Wet 56 van 1997	Die DKES is verantwoordelik vir die benoeming van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger om in die Nasionale Kunsteraad (NKR) te dien, vir samewerking en skakeling met die NKR, en vir die administrasie van NKR-befondsing vir die ontwikkeling van kuns en kultuur in die Wes-Kaap.
Wet op die Nasionale Erfenisraad, 1999	Wet 11 van 1999	Die DKES is verantwoordelik vir die nominering van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger om op die Nasionale Erfenisraad (NER) te dien, en om saam te werk met en aktiwiteite verwant aan befondsing en projekte wat deur die NER in die Wes-Kaap uitgevoer word, te koördineer.
Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999	Wet 25 van 1999	<p>Die DKES verseker nakoming van die WNEH deur toesig te hou oor die benoeming van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger, verkieslik 'n lid van die raad van Erfenis Wes-Kaap, om in die raad van die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap (SAEHA) te dien.</p> <p>Die DKES verseker ook nakoming van die vereiste dat die LUR ingevolge die WNEH 'n raad vir EWK, as die provinsiale erfenishulpbronowerheid, aanstel. Die departement is verantwoordelik vir skakeling en samewerking met SAEHA, EWK en munisipaliteite ten opsigte van die bestuur van erfenishulpbronne. Die DKES staan die LUR ook by wanneer appèl teen besluite van EWK by hom of haar ingedien word.</p>
Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, 1995	Wet 59 van 1995	Hierdie wet vereis onder andere dat die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) 'n provinsiale taalkomitee (PTK) in elke provinsie tot stand bring. 'n Wes-Kaapse PanSAT-PTK is in Augustus 2019 tot stand gebring. Die Wes-Kaapse taalkomitee word deur die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad erken.
Wet op die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name, 1998	Wet 118 van 1998	Die DKES is verantwoordelik vir die nakoming van die bepalings in hierdie wet om 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger te benoem om in die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name te dien; om navorsing te doen oor geografiese name in die Wes-Kaap; om standaardisering te verseker; en om, waar nodig, openbare deelname ten opsigte van voorgestelde veranderinge aan hierdie name te faciliteer. Die departement verskaf professionele en ander ondersteuning aan die Wes-Kaapse provinsiale komitee vir geografiese name. Wanneer konsultasie afgehandel is, maak die WKKGN aanbevelings aan die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name.

Nasionale wetgewing	Verwysing	Beskrywing
Wet op die Wêrelderfeniskonvensie, 1999	Wet 49 van 1999	<p>Die DKES is verantwoordelik vir die aanstelling van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger om op die Suid-Afrikaanse wêrelderfenisadvieskomitee te dien.</p> <p>Die departement is ook verantwoordelik vir nakoming van die bepalings van die wet en die Wêrelderfeniskonvensie ten opsigte van die benoeming van potensiële terreine vir die Suid-Afrikaanse voorlopige lys van terreine, en vir die benoeming van terreine op die Suid-Afrikaanse voorlopige lys vir oorweging deur <b>VNOWKO</b> se wêrelderfeniskomitee.</p>
Wet op Nasionale Sport en Rekreasie, 1998	Wet 110 van 1998	<p>Die wet lê bepalings neer vir die bevordering en ontwikkeling van sport en ontspanning en die koördinering van betrekkinge tussen SASKOK (die Suid-Afrikaanse Sportkonfederasie en Olimpiese Komitee), SRSA, sportfederasies, sportrade en ander agentskappe.</p> <p>Voorts lê die wet bepalings neer vir maatreëls wat daarop gerig is om wanbalanse in sport en ontspanning reg te stel; om gelykheid en demokrasie in sport en ontspanning te bevorder; en om meganismes vir geskilbeslewing in sport en ontspanning daar te stel.</p>
Wet op Veiligheid by Sport-en Ontspanningsgeleenthede, 2010 (SASREA)	Wet 2 van 2010	<p>Om bepalings neer te lê vir die beveiliging van die fisiese welstand en veiligheid van mense en eiendom by sport-, ontspanning-, godsdiestige, kulturele, tentoonstelling-, organisatoriese of soortgelyke geleenthede wat in stadions, byeenkomsplekke of langs 'n roete aangebied word; om bepalings neer te lê vir die aanspreeklikheid van rolspelers wat by die geleenthed betrokke is; om bepalings neer te lê vir die risiko-kategorisering van geleenthede; om bepalings neer te lê vir sekere verbiedings; om bepalings neer te lê vir die daarstelling van maatreëls om veiligheid en sekuriteit by geleenthede te behartig; om bepalings neer te lê vir die akkreditering van rolspelers by geleenthede; om bepalings neer te lê vir die uitreiking van kaartjies vir geleenthede; om bepalings neer te lê vir toeskouers en voertuie se toegang tot geleenthede; om bepalings neer te lê vir die uitrek van veiligheidsertifikate vir beplande of bestaande stadions of byeenkomsplekke; om bepalings neer te lê vir die inhoud van veiligheidsertifikate en wysigings aan veiligheidsertifikate; om bepalings neer te lê vir die aanstelling van inspekteurs en hul reg tot toegang en inspeksie; om bepalings neer te lê vir die ontplooiing van sekuriteitsdienste; om bepalings neer te lê vir kennisgewings wat toeskouertoegang verbied; om bepalings neer te lê vir verbodkennisgewings; om bepalings neer te lê vir die oprigting van 'n Appèlraad en vir appelle; om bepalings neer te lê vir versekerings teen openbare aanspreeklikheid vir geleenthede; om bepalings neer te lê vir die betaling van gelde; om bepalings neer te lê vir oortredings en strawwe; en om bepalings neer te lê vir aangeleenthede wat hiermee verband hou.</p>
Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013	Wet 4 van 2013	<p>Hierdie wet bevorder die beskerming van persoonlike inligting wat deur openbare en private instellings verwerk word en het ten doel om sekere voorwaardes in te voer ten einde minimumvereistes vir die verwerking van persoonlike inligting neer te lê. Hierbenewens lê die wet bepalings neer vir die daarstelling van 'n Inligtingsreguleerde wat, ingevolge hierdie wet en die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000, sekere magte kan uitoefen en sekere pligte en funksies moet verrig.</p> <p>Voorts lê die wet bepalings neer vir die publisering van gedragskodes; mense se regte ten opsigte van ongevraagde elektroniese mededelings en geautomatiseerde besluitnemming; regulering van die vloei van persoonlike inligting oor die grense van die Republiek heen; en vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.</p>
Wet op Tradisionele en Khoisan-leierskap, 2019	Wet 3 van 2019	<p>Die hoofdoelwitte van hierdie wet is:</p> <p>Om bepalings neer te lê vir die erkenning van Khoisan-leierskap; om die Wet op die Nasionale Huis van Tradisionele Leiers, 2009, en die Wet op 'n Raamwerk vir Tradisionele Leierskap, 2003, te konsolideer; om werk te maak van sekere beperkings in die bestaande wetgewing; en om daaropvolgende wysigings van ander wette tot uitvoer te bring.</p>

Provinciale wetgewing	Verwysing	Beskrywing
Wes-Kaapse Provinciale Taalwet, 1998	Wet 13 van 1998 (Wes-Kaap)	Die Wes-Kaapse Taalkomitee wat deur hierdie wet ingestel is, moet onder andere:

Provinciale wetgewing	Verwysing	Beskrywing
		<ul style="list-style-type: none"> <li>• die gebruik van Afrikaans, Engels en isiXhosa deur die Wes-Kaapse Regering monitor;</li> <li>• aanbevelings aan die LUR en die provinsiale parlement maak oor voorgestelde of bestaande wetgewing, praktyke en beleide wat direk of indirek met taal in die Wes-Kaap te doen het;</li> <li>• die beginsel van veeltaligheid aktief bevorder;</li> <li>• die ontwikkeling van voorheen gemarginaliseerde inheemse tale aktief bevorder;</li> <li>• die LUR en die Wes-Kaapse Kultuurkommissie oor taalaangeleenthede in die provinsie adviseer; en</li> <li>• PanSAT oor taalaangeleenthede in die Wes-Kaap adviseer.</li> </ul> <p>Die WKKK staan onder toesig van die DKES wat administratiewe en finansiële ondersteuning aan die kommissie verleen.</p>
Wes-Kaapse Kultuurkommissie- en Kultuurradewet, 1998	Wet 14 van 1998 (Wes-Kaap)	Hierdie wet maak voorsiening vir die Wes-Kaapse Kultuurkommissie om onder ander oorweging te skenk aan die registrasie en deregistrasie van kultuurrade wat gemeenskappe verteenwoordig wat hul gemeenskaplike kultuur- en taalerfenis deel. Die WKKK kan ook aanbevelings oor die volgende maak: <ul style="list-style-type: none"> <li>• die beeldende, uitvoerende en literêre kunste;</li> </ul>
Wes-Kaapse Erfenis hulpbronbestuursregulasies, 2002	PK 336 van 25 Oktober 2002	Erfenis Wes-Kaap – die provinsiale erfenishulpbronowerheid wat ingevolge die WNEH ingestel is – staan onder toesig van die DKES wat administratiewe en finansiële ondersteuning aan EWK verleen. Die LUR is daarvoor verantwoordelik om die owerheid daar te stel en om hul raad vir elke opeenvolgende ampstermyn aan te stel. (Engelse weergawe)
Wes-Kaapse Erfenis hulpbronbestuursregulasies, 2003	PK 298 van 29 Augustus 2003	Erfenis Wes-Kaap – die provinsiale erfenishulpbronowerheid wat ingevolge die WNEH ingestel is – staan onder toesig van die DKES wat administratiewe en finansiële ondersteuning aan EWK verleen. Die LUR is daarvoor verantwoordelik om die owerheid daar te stel en om hul raad vir elke opeenvolgende ampstermyn aan te stel. (Afrikaanse en isiXhosa-weergawes)
Wet op die Provinciale Argief- en Rekorddiens van die Wes-Kaap, 2005	Wet 3 van 2005 (Wes-Kaap)	Hierdie wet maak voorsiening vir die provinsiale argief- en rekorddiens van die Wes-Kaap om openbare en nie-openbare rekords van blywende waarde vir gebruik deur die publiek en deur die staat te bewaar; om sodanige rekords toeganklik te maak; om die gebruik daarvan deur die publiek te bevorder; en om bepalings neer te lê vir die behoorlike beheer en versorging van openbare rekords.
Museumordonnansie, 1975	Ordonnansie 8 van 1975 (Kaapprovinsie)	Die DKES is verantwoordelik vir nakoming van die bepalings van hierdie ordonnansie waar dit van toepassing is op geaffilieerde museums in die Wes-Kaap. Nuwe provinsiale wetgewing in verband met museums word in oorelog met die betrokke belanghebbendes geformuleer.
Ordonnansie op die Oude Kerk Volksmuseum Van 't Land van Waveren (Tulbagh), 1979	Ordonnansie 11 van 1979 (Kaapprovinsie)	Die DKES is verantwoordelik vir die toepassing en nakoming van die bepalings van hierdie ordonnansie om die sake van die Oude Kerk Volksmuseum op Tulbagh te reël.
Ordonnansie op die Provinciale Biblioteekdiens, 1981	Ordonnansie 16 van 1981 (Kaapprovinsie)	Die DKES is verantwoordelik vir die uitvoering en nakoming van die bepalings van hierdie ordonnansie ten opsigte van provinsiale biblioteke in die Wes-Kaap.

### 1.3 Beleidsmandate

#### NASIONALE BELEIDSKONTEKS

Die vernaamste dwarsliggende nasionale planne waaraan die departement van voorneme is om te voldoen, is die nasionale ontwikkelingsplan en die mediumtermyn-strategiese raamwerk (MTSR) 2020-2025.

Die Nasionale Ontwikkelingsplan het ten doel om armoede uit te wis en ongelykheid teen 2030 te verminder en bied 'n breë strategiese raamwerk om belangrike keuses en handelinge te informeer. Dit sit 'n samehangende en holistiese benadering tot die aanspreek van armoede en ongelykheid uiteen gegrond op ses gefokusde, onderlingverwante prioriteite wat as volg opgesom kan word:

- Om alle Suid-Afrikaners rondom 'n gemeenskaplike program te verenig ten einde welvaart en gelykheid te bewerkstellig;
- Om aktiewe burgerskap te bevorder ten einde ontwikkeling, demokrasie en verantwoordbaarheid te bevorder;
- Om ekonomiese groei, investering en opname in die arbeidsmark te verhaas en te verhoog;
- Om op mense en die staat se sleutelvermoëns te fokus;
- Om 'n bekwame en ontwikkelingsgerigte staat te bou; en
- Om sterk leierskap via die samelewing aan te moedig sodat daar saam daaraan gewerk kan word om probleme op te los.

Ten opsigte van die vereniging van alle Suid-Afrikaners rondom 'n gemeenskaplike program, verklaar die NOP dat "die kunste en kultuur kragtige ruimtes ontsluit vir redevoering oor waar die samelewing hom bevind en waarheen dit op pad is. As dit doeltreffend bevorder word, kan die skeppende en kultурbedrywe 'n aansienlike bydrae lewer tot die ontwikkeling van klein ondernemings, werkskepping en stedelike ontwikkeling en hernuwing".

Ten opsigte van die fokus op die sleutelvermoëns van mense en die staat, verklaar die NOP dat "sport 'n belangrike rol vervul in die bevordering van welstand en maatskaplike kohesie". Sport word in die NOP as 'n dwarsliggende aspek beskou wat bydra tot onderrig, gesondheid en nasiebou. Visie 2030, soos vervat in die Nasionale Ontwikkelingsplan, verklaar voorts dat die kunste, kultuur en erfenis geleenthede bied om werk te maak van uitkomste wat betrekking het op maatskaplike kohesie/inklusie en nasiebou.

Inlyn met die Nasionale Ontwikkelingsplan het die regering 'n mediumtermyn-strategiese raamwerk (MTSR) ontwerp om beleid en programme oor die vyfjaar-tydperk 2020-2025 te begelei. Die MTSR bevat sewe prioriteituitkomste:

<b>Prioriteit 1</b>	'n Bekwame, etiese en ontwikkelingsgerigte staat
<b>Prioriteit 2</b>	Ekonomiese transformasie en werkskepping
<b>Prioriteit 3</b>	Onderwys, vaardighede en gesondheid
<b>Prioriteit 4</b>	Konsolidering van maatskaplike verdienste via basiese dienste wat betroubaar en van gehalte is
<b>Prioriteit 5</b>	Ruimtelike integrasie, menslike nedersettings en plaaslike regering
<b>Prioriteit 6</b>	Maatskaplike kohesie en veilige gemeenskappe
<b>Prioriteit 7</b>	'n Beter Afrika en wêreld

Die departement se bydrae tot die bereiking van die sewe nasionale prioriteite is as volg:

MTSR-prioriteit	Departementele bydrae
<b>Prioriteit 1: 'n Bekwame, etiese en ontwikkelingsgerigte staat</b>	<p>Sport en ontspanning in die provinsie word deur die nasionale sport- en rekreasieplan aangedryf en dienste word in vennootskap met die burgerlike samelewing, sportfederasies, sportrade en munisipaliteite gelewer.</p>
	<p>Ontwikkeling van 'n diensleweringverbeteringsplan verseker dat die departement op 'n program fokus wat geïdentifiseerde dienste versterk en verbeter.</p>
	<p>Die verskaffing van groot geleenthede bevorder sporttoerisme. Die departement werk saam met sportfederasies in die provinsie wat toegang tot befondsing vir groot geleenthede verkry.</p>
	<p>Die Departement van Kultuursake en Sport is verantwoordelik vir die provinsiale jeugdiensprogram. Hierdie program is geskoei op die "YearBeyond"-program. Die "YearBeyond"-program bied elke jaar meer as 400 geleenthede vir vrywilligers aan ons jeug tesame met omvattende leierskapopleiding en weë tot emplojering. Tot op hede het 82% van die kohort vrywilligers hul weg tot emplojering of studies gebaan, en bykans die helfte werk steeds weekliks as vrywilligers in hul gemeenskappe.</p>
<b>Prioriteit 2: Ekonomiese transformasie en werkskepping</b>	<p>Die rekreasieprogram, MGO-program en skoolsportprogram bied indiensnemingsgeleenthede aan baie mense vanuit begunstigde gemeenskappe. UOWP-werksgeleenthede in die kultur- en maatskaplike sektor word aangebied. Die departement faciliteer werksgeleenthede en verskeie kapasiteitsbougeleenthede via programme wat daarop gerig is om die jeug te help om vaardighede te bekom wat hulle toetrede tot die arbeidsmark sal vergemaklik.</p>
	<p>Ondersteuning en befondsing van kultuurtoerisme via feeste oral in die provinsie dra by tot werkskepping. Werksgeleenthede word geskep via kuns- en kultuurontwikkeling en platforms vir tentoonstellings.</p>
	<p>Die departement verskaf befondsing vir openbarebiblioteekpersoneel. Werksgeleenthede word geskep deur die bou en opgradering van openbare biblioteke.</p>
	<p>'n Groot gedeelte van die departement se begroting word bestee aan die verskaffing van biblioteekdienste en die aankoop van biblioteekmateriaal ter ondersteuning van die verbetering van geletterdheidsuitkomste. Via YearBeyond verskaf die departement ook sommige boeke aan hierdie skole.</p>
<b>Prioriteit 3: Onderwys, vaardighede en gesondheid</b>	<p>Die onderwysgaping tussen leerders met en dié sonder hulpbronne kan toegeskryf word aan hulle gedifferensieerde toegang tot boeke huis, gesinsvakansies, die internet, buitemuurse aktiwiteite, blootstelling en ondersteuning. Die Departement van Kultuursake en Sport help om hierdie gaping te vernou deur naskoolse programme vir skoolgaande leerders aan te bied via die MGO-sentrums by 181 skole, die 143 buurtsskolterreine, die 68 YearBeyond-terreine en die 30 skole waar padvindery beoefen word.</p>
	<p>Leerderdeelname aan hierdie programme het 'n positiewe impak op leerders se skoolbywoning, leerderdissipline en spanwerk, en dit help ook om leerders se belangstelling tot so 'n mate te prikkel dat hulle steeds skool wil bywoon.</p>
	<p>Die MGO-sentrums bied leerders blootstelling aan sport wat met behulp van gestruktureerde kurrikula en lesplanne onderrig word wat ook op die ontwikkeling van lewensvaardighede fokus. Die buurtsskole (BS) help om talent in geteikende</p>

**MTSR-prioriteit****Departementele bydrae**

kodes te identifiseer en te koester. Die skoolsportprogram fokus op naskoolse aktiwiteite vir skoolgaande kinders. Die rekreasieprogram fokus op sentrums wat ontspanning- en sportaktiwiteite bevorder. YearBeyond fokus op en maak werk van die gaping in geleterdheid- en gesyferdheidonderrig, en padvindery in skole vestig 'n liefde vir die buitelewe.

Die departement bied werksessies by skole aan om leerders bewus te maak van argiewe en om hulle aan te moedig om argiefmateriaal as aanvullende geskiedkundige en genealogiese opvoekundige hulpbronne te gebruik.

Die departement bevorder aktiewe ontspanning- en sportaktiwiteite vir die provinsie. Rekreasie en sport bevorder 'n etos van lewenslange aktiwiteit. Die departement se kultuurfasilitate word benut deur NRO's, gemeenskapsorganisasies en staatsdepartemente vir kuns- en kultuuraktiwiteite ter bevordering van maatskaplike inklusie en welstand, en om die jeug bloot te stel aan 'n omgewing wat 'n gesonde alternatief bied vir die maatskaplike eeuwels waaronder ons samelewing gebuk gaan.

**Prioriteit 4:  
Konsolidering van  
maatskaplike  
verdienste via  
basiese dienste wat  
betroubaar en van  
gehalte is**

Deur sy maatskaplik inklusieve programme versterk die departement beleide wat betrekking het op maatskaplike beskerming deur die maatskaplike kwesbaarheid van vroue, kinders, meisies, gestremdes en bejaardes via kultuur- en sportprogramme te verminder.

Die konnektiwiteitsprojek vir plattelandse biblioteke word by plattelandse openbare biblioteke geïmplementeer en in stand gehou. Hierdie projek word versterk deur die ontplooiing van breëband- en Wi-Fi-toegang.

Kleiner biblioteke word gevestig in landelike gebiede met 'n klein bevolking sodat toegang tot bibliotekfasilitate verskaf kan word.

Klubs in landelike gebiede word ondersteun via die klubontwikkelingsprogram. MGO- en rekreasiesentrums bied sport- en rekreasiedienste aan landelike gemeenskappe. Landelike MGO-sentrums bied ook 'n voedingsprogram aan.

**Prioriteit 5:  
Ruimtelike  
integrasie, menslike  
nedersettings en  
plaaslike regering**

Via sy kuns- en kultuurprogramme, en ondersteunende befondsing, verseker die departement dat kultuur behoue bly en dat kunste in die landelike distrikte bevorder word.

Erfenishulpbronbestuur is 'n integrale deel van die beplanning en beheer van infrastruktuurontwikkeling. Derhalwe poog die departement, in vennootskap met munisipaliteite, om te verseker dat erfenis van meet af aan by stads- en streekbeplanning sowel as by ontwikkelingsbeplanning geïntegreer word. Dit word grootliks vermag deur die ondersteuning wat deur die provinsiale erfenishulpbronowerheid verleen word, welke owerheid verantwoordelik is vir die bestuur van erfenishulpbronne.

Die verskaffing van sportfasilitate word met behulp van alle munisipaliteite en sportfederasies gefasiliteer ten einde sportontwikkeling in alle gemeenskappe in die provinsie te bespoedig.

**MTSR-prioriteit****Departementele bydrae**

Kultuurfasiliteite bied aan gemeenskappe en organisasies fisiese ruimtes wat gebruik kan word vir aktiwiteite wat met die departement se mandaat ooreenstem. Voorts skep Erfenis Wes-Kaap mechanismes vir die integrasie van omgewing- en erfenisaangeleenthede in die ruimtelike en ontwikkelingbeplanningsproses.

Kultuur is 'n werktuig wat ingespan kan word om kennis en maatskaplike waardes oor te dra. Die bevordering en behoud van kuns en kultuur lê die kulturele volhoubaarheid van gemeenskappe se maatskaplike onderbou ten grondslag wat insgelyks tot die vestiging van volhoubare menslike nedersettings bydra.

Die rekordbestuurprogram help staatsinstansies, met inbegrip van munisipaliteite, om rekords ter bevordering van aanspreeklikheid en goeie bestuursoorsig te bestuur.

Verskeie GOP-vergaderings met plaaslike owerhede is afdoende bewys dat die departement daartoe verbind is om ooreenstemming in GOP's te help bewerkstellig.

Die departement se geaffilieerde museums bied opvoedkundige programme aan wat die volhoubare gebruik van omgewingshulpbronne bevorder. Voorts skep Erfenis Wes-Kaap mechanismes vir die integrasie van omgewing- en erfenisaangeleenthede in die ruimtelike en ontwikkelingbeplanningsproses.

Die departement bevorder die waardes vervat in die Grondwet en uitgebeeld in nasionale simbole by wyse van uitstellings, openbare programme, gemeenskapsgesprekke, opvoedkundige programme, die bestuur van erfenishulpbronne, jeugontwikkeling, sport en rekreasie en naskoolse programme.

Erfenis Wes-Kaap, 'n provinsiale openbare entiteit wat ingevolge die Nasionale Wet op Erfenishulpbronne tot stand gekom het, is daarvoor verantwoordelik om erfenishulpbronne te identifiseer, te beskerm, te bewaar, te bevorder en te bestuur wat 'n weerspieëling en van belang vir ons gedeelde waardes en identiteit is.

Die Wes-Kaapse provinsiale komitee vir geografiese name moedig maatskaplike inklusie aan deurdat dié komitee bewustheid skep van en ondersteuning werf vir die (her)benoemingsproses. Hewige openbare deelname gaan gepaard met hierdie proses.

Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie se oogmerk is om kultuur te bevorder, te behou en te ontwikkel. Die programme wat deur die WKKK ondersteun word, het ten doel om kultuurgebruiken te bevorder en te behou en streef daarna om waardering en respek vir die uiteenlopende kulture binne die Wes-Kaap te kweek.

Deur die verskaffing van redigering-, vertaling- en tolkdienste dra die departement tot maatskaplike inklusie/kohesijs by deurdat kommunikasie in die drie amptelike tale van die Wes-Kaap sowel as Suid-Afrikaanse Gebaretaal verbeter word. In samehang met die Wes-Kaapse Taalkomitee bevorder die departement veeltaligheid sowel as gemarginaliseerde inheemse tale en Suid-Afrikaanse Gebaretaal via sy programme om bewustheid te skep en die gebruik van hierdie tale onder inwoners van die Wes-Kaap te bevorder.

Via sy programme om kuns en kultuur te ontwikkel en te bevorder, bied die departement geleenthede vir die jeug, vroue, kinders en mense met gestremdhede vanuit uiteenlopende gemeenskappe om te ontmoet en artistieke

**Prioriteit 6:  
Maatskaplike  
kohesijs en veilige  
gemeenskappe**

**MTSR-prioriteit****Departementele bydrae**

en lewensvaardighede aan te leer. Hierdie geleenthede vir kwesbare en gemarginaliseerde mense bied platforms vir sosiale interaksie en dialoog en versterk terselfdertyd maatskaplike inklusie/kohesie in gemeenskappe.

Museums vier verskeie nasionale gedenkdae met uitreike en programme vir die publiek wat maatskaplike inklusie/kohesie bevorder. Uitstallings beeld toenemend voorheen afgeskeepte aspekte van die plaaslike en kollektiewe Suid-Afrikaanse geskiedenis uit wat verder tot maatskaplike inklusie/kohesie bydra.

Biblioteke dien as gemeenskapkerns wat maatskaplike inklusie bevorder en ondersteun.

Rekreasie, MGO-programme en skoolsportaktiwiteite wat in verskeie munisipaliteite plaasvind, ondersteun opbouende sosiale, rekreasie- en sportinteraksie binne gemeenskappe.

Gemeenskappe word aangemoedig om, ter wille van maatskaplike inklusiwiteit, tot mondelinge geskiedenis by te dra en om via toegang tot argiefmateriaal meer van hulle erfenis te wete te kom, en sodoende word identiteite en maatskaplike inklusiwiteit versterk.

Massadeelname aan sport en rekreasie, en kuns en kultuur, dra by tot die bou van 'n gemeenskaplike nasionale identiteit in 'n diverse, maatskaplik- koherente samelewning, en die departement ondersteun dit deur sy inisiatiewe.

Die witskrif oor sport en ontspanning (2012) beklemtoon die belang van sport in pogings om misdaad te verminder. Die sportontwikkelingsprogramme sluit 'n gestruktureerde kurrikulum en lesplanne in wat ook op die ontwikkeling van lewensvaardighede fokus.

Die MGO-program sluit 'n gestruktureerde kurrikulum en lesplanne in wat ook op die ontwikkeling van lewensvaardighede fokus.

Skoolgaande leerders neem deel aan naskoolse aktiwiteite by skoolgebaseerde MGO-sentrums en buurtskole. Sodoende word 'n veilige ruimte en omgewing geskep vir deelname aan prettige aktiwiteite, spel, rekreasie, sport, kuns en kultuur sowel as akademiese aktiwiteite.

**Prioriteit 7: 'n Beter Afrika en wêreld**

Ter ondersteuning van streek- en vastelandintegrasie bevorder die departement se Afrika-maand-program Afrika-trots en moedig tegelyk maatskaplike inklusie en die uitwissing van xenofobie aan. Voorts sal ondersteuning van nasionale federasies die kontinent se deelname verder verbeter.

Die volgende nasionale beleide en strategieë het ook betrekking op die departement se beleidsmandaat:

<b>Beleid</b>	<b>Beskrywing</b>
<b>Nasionale beleide</b>	
Nasionale Witskrif oor Kuns, Kultuur en Erfenis (1996)	Hierdie dokument verskaf 'n raamwerk vir nasionale en provinsiale beleid oor kuns-, kultuur-, erfenis-, biblioteek- en argiefdienste.
Nasionale Rekordbestuursbeleid (Rekordbestuurbeleidshandleiding, 2007)	Hierdie dokument reguleer die spesifieke parameters waarbinne regeringsliggame moet funksioneer ten opsigte van die bestuur van hul rekords en die manier waarop die DKES toesig moet hou oor die rekordbestuur van regeringsliggame in die Wes-Kaap.
Bestuur van Elektroniese Rekords in Regeringsliggame: Beleid, beginsels en vereistes (2006)	Hierdie beleid verskaf leiding aan regeringsliggame om hulle te help om te voldoen aan wetgewende vereistes aangaande elektroniese rekords as 'n integrale deel van rekordhulpbronbestuur. Die DKES moet voldoen aan die voorgeskrewe toepaslike nasionale en internasionale standarde ten opsigte van rekenaarhardware, -sageware en bergingsmedia vir argiefbewaring.
Verklaring: Nasionale Sport- en Ontspanningsindaba (2011)	Hierdie verklaring vereis dat die DKES se hoofdoelstellings in ooreenstemming gebring moet word met die strategiese beweegrede soos vervat in die verklaring se visie vir sport en ontspanning tot en met 2020.
Nasionale Sport- en Rekreasieplan (2012)	Die nasionale sport- en rekreasieplan (NSRP) verskaf 'n uiteensetting van die visie vir sport en ontspanning in Suid-Afrika tot en met 2020, met die klem op 'n aktiewe en kampioen-ingesteldheid.
Nasionale Witskrif oor Sport en Ontspanning (2012)	Hierdie beleid beklemtoon die volgende dringende noodsaklikhede: <ul style="list-style-type: none"> <li>• die vlak van deelname aan sport en ontspanning moet verhoog word;</li> <li>• gegewe botsende prioriteit, moet die profiel van sport meer aandag geniet;</li> <li>• die kans op sukses by belangrike sportgeleenthede moet gemaksimeer word; en</li> <li>• in 'n poging om misdaad te verminder, moet sport voorrang geniet.</li> </ul>
Beleidsraamwerk vir die Regeringswye Monitering- en Evalueringstelsel (2007)	Die oogmerk van die regeringswye monitering- en evalueringstelsel (RWM&E) is om by te dra tot verbeterde bestuursoorsig en om die doeltreffendheid van organisasies en instellings in die openbare sektor te verbeter. Hierdie dokument verskaf die oorkoepelende beleidsraamwerk vir monitering en evaluering (M&E) in Suid-Afrika. Dit bevorder resultaatgebaseerde bestuur.
Groenskrif oor Prestasiebestuurmonitering en -evaluering (2009)	Hierdie dokument is daarop gemik om staatsamptenare en die uitvoerende gesag in staat te stel om op die bereiking van die uitkoms- en uitsetmaatstawwe vervat in die mediumtermyn-strategiese raamwerk (MTSR) te fokus. Dit het ten doel om goeie departementeel en individuele prestasie op alle vlakke te bevorder.
Riglyne vir Nasionale en Proviniale Departemente vir die opstel van 'n M&E-raamwerk	Hierdie riglyne lê bepalings neer vir die ontwikkeling van 'n raamwerk vir monitering en evaluering in alle staatsinstellings sodat hulle hul vordering kan meet teen hul gestelde doelwitte en, waar nodig, tot remediërende stappe kan oorgaan. Hierdie proses noodsak departemente om ten volle te begryp wat alle administratiewe datastelsels, administratiewe datastelle en prestasie-aanwysers behels. Die aanwysers moet aan spesifieke beleidsopdragte gekoppel word en die stelle aanwysers moet ontleed word om vas te stel of daar enige verband tussen oorsake en gevolge is.
Uitgebreide-openbarewerkeprogram (UOWP)	Die riglyne vervat in die UOWP se sakeplanne vir die maatskaplike sektor (sport en ontspanning) sowel as die omgewings- en kultuursektor (kultuursake) bied 'n raamwerk aan die DKES waarvolgens openbare befondsing vir die vermindering en verligting van werkloosheid gebruik kan word.

<b>Strategieë</b>	<b>Beskrywing</b>
<b>Nasionale strategieë</b>	
Biblioteekherkapitalisasieprogram vir die uitbreiding van gemeenskapsbibliotekdienste	Die doel van die program is om die infrastruktuur, fasiliteite en dienste van stedelike en landelike biblioteke wat hoofsaklik vir voorheenbenadeelde gemeenskappe bestem is, te transformeer via 'n herkapitalisasieprogram op provinsialevlak ter ondersteuning van plaaslike regering- en nasionale inisiatiewe. Die DKES is verantwoordelik vir die suksesvolle implementering en bestuur van hierdie voorwaardelike-toelaeaprojek in die Wes-Kaap.

<b>Strategieë</b>	<b>Beskrywing</b>
Mzansi Goue Ekonomiese-strategie	In samewerking met die nasionale departement van kuns en kultuur en ander vennote en sleutelrolspelers is die DKES verantwoordelik vir die implementering van sleutelintervensies in die Wes-Kaap soos uitgestip in hierdie strategie. Die strategie, wat op die skeppende en kultuurbedrywe fokus, het ten doel om erkenning te verleen aan die innoverende en kreatiewe aard van die kuns-, kultuur- en erfenis sektor en die rol wat die regering vervul in die daarstelling van 'n bemagtigende, ondersteunende omgewing waarbinne hierdie sektor optimaal kan presteer.
Memorandum van verstandhouding tussen die departement van basiese onderwys en Sport en Rekreasie Suid-Afrika (2018)	Die departement van basiese onderwys (DBO) en Sport en Rekreasie Suid-Afrika (SRSA) het 'n geïntegreerde skoolsportraamwerk onderteken waarvolgens die partye hulle daartoe verbind om samewerkende programme op die terrein van skoolsport te implementeer gegrond op wederkerigheid en wedersydse voordeel. Die partye het hulle ook daartoe verbind dat hulle die bevordering van kontak en samewerking tussen die erkende sportinstansies van die onderskeie departemente sal aanmoedig en faciliteer.
<b>Provinsiale strategieë</b>	
Norme en standaarde vir openbare biblioteke in die Wes-Kaap	Norme en standaarde is noodsaaklik om die verskaffing en konstante ontwikkeling van openbarebibliotekdienste te verseker ten einde die Konsepwetsontwerp op Suid-Afrikaanse Openbarebiblioteek- en Inligtingsdienste en die Manifes vir die Transformasie van Inligtingsdienste (gedateer 2014) tot uitvoer te bring. Hierdie strategie maak werk van die norme en standaarde vir biblioteekfunksies, personeel, fasiliteite, internettoegang, biblioteekversamelings en biblioteek-ure vir openbare biblioteke in die Wes-Kaap.
Skoolsportriglyn (2013)	Hierdie DKES-dokument bied leiding aan belanghebbers vir nakoming van verskeie skoolsportbeleidsdokumente en die nasionale sport- en rekreasieplan.
Wes-Kaapse Jeugontwikkelingstrategie van 2013	Die Wes-Kaapse jeugontwikkelingstrategie het ten doel om meer ondersteuning, geleenthede en dienste vir alle jongmense te skep sodat hulle beter met hul omgewing omgaan en suksesvol oorgaan tot verantwoordelike, onafhanklike en stabiele volwassenes. Die doel van die strategie is vir die jeug in die Wes-Kaap om geïnspireerde, opgevoede, verantwoordelike, onafhanklike en gesonde individue te wees wat teen die ouderdom van 25 jaar produktiewe persoonlike, gesins- en sosiale verhoudings het.
Strategie vir genre-ontwikkeling (2008)	Hierdie dokument bied 'n raamwerk vir die ontwikkeling, bevordering en behoud van kunsforms in die Wes-Kaap.
Raamwerk vir jaarlikse straatmars en kompetisies (2012/13)	Verskaf riglyne vir die items en die persentasie wat toegewys moet word vir die jaarlikse straatmars en kompetisies van die klopse, Kers- en Maleierkore.
Wes-Kaapse raamwerk vir inisiasie	Hierdie raamwerk bied leiding oor die kulturele praktyke verwant aan inisiasie aan plaaslike kulturele organisasies, munisipaliteite en ander owerhede.
Wes-Kaapse raamwerk vir mondelinge geskiedenis	Hierdie raamwerk stip die minimumriglyne en etiese standaarde uit waaraan voldoen moet word wanneer onderhoude oor mondelinge geskiedenis deur DKES-personeel en geaffilieerde instansies in die veld uitgevoer word.

Let in hierdie verband ook daarop dat die Nasionale Ontwikkelingsplan en die provinsiale strategiese plan as volg aansluiting vind by die Verenigde Nasies se sewentien niebindende globale doelwitte vir volhoubare ontwikkeling:

SDGs	1 NO POVERTY	2 ZERO HUNGER	3 GOOD HEALTH AND WELL-BEING	4 QUALITY EDUCATION	11 SUSTAINABLE CITIES AND COMMUNITIES	16 PEACE, JUSTICE AND STRONG INSTITUTIONS
NDP	<b>8. Transforming human settlements</b>  49. Provide incentives for citizen activity for local planning and development of spatial compacts.	<b>9. Improving education, training and innovation</b>  53. Strengthen coordination between departments, as well as the private and non-profit sectors.	<b>10. Health care for all</b>  By 2030 the primary and district health system should provide universal access, with a focus on prevention, education, disease management and treatment	<b>12. Building safer communities</b>  85. Increase community participation in crime prevention and safety initiatives	<b>15. Nation building and social cohesion</b>  115. Improving public services and spaces as well as building integrated housing and sport facilities... to ensure sharing of common spaces across race and class. 118. Promote citizen participation in forums	

## PROVINSIALE BELEIDSKONTEKS

### Provinsiale strategiese plan:

Provinsiale beleid is geformuleer rondom die volgende visie-geïnspireerde prioriteite (VIP's) en strategiese temas:


Strategiese prioriteitsarea	Departementele bydrae vir 2020-2025
VIP 1: Veilige en koherente gemeenskappe	<ul style="list-style-type: none"> <li>Biblioteke verskaf 'n veilige plek vir kinders ná skool en vir gemeenskapslede</li> <li>Verskaffing van rekreasie-, sport-, kuns- en kultuurgeleenthede vir gemeenskappe as deel van 'n alternatiewe platform om kohesie te skep</li> <li>Verseker dat die argief inklusief is en inligting bevat wat ter insae lê van en toeganklik is vir alle kliënte</li> <li>Mense kan leer wie hulle is en meer te wete kom van hulle genealogie en historiese gebeure om sodoende 'n gevoel van behorendheid te bevorder.</li> <li>Veilige ruimte, gratis diens en uitgebreide dienste word verskaf.</li> <li>Ontwikkelingsprogram vir die kunste bied veiliger en konstruktiewe aktiwiteite vir die jeug as 'n alternatief vir destruktiewe gedrag, terwyl platforms 'n veilige ruimte skep waaraan die gemeenskap deel kan hê.</li> <li>Verskaffing van toegang tot rekords wat die onregte van die verlede en die miskenning van menseregte aanspreek ten einde heling, geregtigheid en rekonsiliaasie in die hand te werk.</li> <li>Die openbare biblioteke bied veilig ruimtes, verskaf 'n gratis diens en verlengde diensure</li> <li>Betrek gemeenskappe om maatskaplike kohesie en nasiebou te bevorder</li> <li>Versterk maatskaplike kohesie deur sport en rekreasie</li> <li>Teiken jeugdiges wat in gevaar verkeer ten einde riskante gedrag te verminder</li> </ul>
VIP 2: Groei en werksgeleenthede	<ul style="list-style-type: none"> <li>Werksgeleenthede wat geskep word deur biblioteke te bou en op te gradeer</li> <li>Befondsing van munisipale bibliek personeel</li> <li>YearBeyond wat eerste werksgeleenthede vir werklose jeugdiges skep</li> </ul>

Strategiese prioriteitsarea	Departementele bydrae vir 2020-2025
	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Werksgeleenthede via UOWP en die Jong Patriotte-program (befonds deur DSKK)</li> <li>• Werksgeleenthede in die skeppende bedrywe: teaterproduksies, teaterfeeste, geleentheidsbestuurbemanning, handwerkontwikkeling en -verkope</li> <li>• Die befondsingsprogram vir kuns en kultur verskaf ondersteuning vir gevestigde en intermediêre kunsorganisasies wat werk skep vir en opleiding bied aan beoefenaars van die kunste. Sport-, erfenis-, argeologie en kultuurtoerisme</li> <li>• Sportwerksgeleenthede</li> <li>• Naskoolse program – vernou die geleentheidsgaping Die ekonomiese saak vir kultuur:</li> <li>• Befondsing van openbarebiblioek personeel en die skep van werk deur die opgradering en bou van nuwe biblioteke</li> </ul>
VIP 3: Bemagtiging van mense	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Biblioteke – bevorder deurentyd 'n leeskultuur en lewenslange leer</li> <li>• Verskaf boeke, navorsingsmateriaal en inligting via ons openbare biblioteke</li> <li>• Die konnektiwiteitsprojek vir landelike biblioteke verskaf gratis internettoegang sodat werksaansoeke, aanlynleer, e-leerportale, ensovoorts toeganklik is</li> <li>• Venootskappe met departement van onderwys, Nal'ibali en ING-sentrums</li> <li>• Geletterheidsprogramme en ander uitrekprogramme by biblioteke</li> <li>• Biblioteke – 'n leeskultuur en lewenslange leer</li> <li>• YearBeyond se geletterdheid- en gesyferdheid-agterstanduitwissingsprogramme vir graad 3 en 4</li> <li>• Betrekking van jeugdiges in gevaar by NSP</li> <li>• Jeugdienste se YearBeyond skep eerste werksgeleenthede vir werkloses in die ouderdomsgroep 18 – 25 jaar</li> <li>• Opvoedkundige programme wat deur argiefdienste vir leerders verskaf word</li> <li>• Toegang tot argiefinligting vir navorsers en studente</li> <li>• Leeskamer in argiewe is toegangklik vir die publiek sodat hulle toegang tot kennis en vaardighede kan verkry</li> <li>• Opleiding verskaf aan UOWP-interns</li> <li>• Verskaf ruimte vir vrywilligers</li> <li>• Verskaf geleenthede vir indiensopleiding en skaduweewerk</li> <li>• Kursusse in rekordbestuur en bestuur van elektroniese rekords sowel as vir lêerafdelingklerke</li> <li>• Gespesialiseerde opleiding en werksessies word tydens Argiefweek aangebied</li> <li>• Verskaffing van opleidingsgeleenthede aan ander belanghebbendes</li> <li>• Inisiasieprogram</li> <li>• Die insluiting van tale en kulture bevorder, onder andere, die gebruik van inheemse tale waarvan die status histories ingekort is.</li> <li>• Opvoedkundige programme wat deur argiefdienste vir leerders verskaf word</li> <li>• Toegang tot argiefinligting vir navorsers en studente</li> <li>• Leeskamer toegangklik vir die publiek sodat toegang tot kennis en vaardighede verkry kan word</li> <li>• Opleiding verskaf aan UOWP-interns</li> <li>• Verskaf ruimte vir vrywilligers</li> <li>• Verskaf geleenthede vir indiensopleiding en skaduweewerk</li> <li>• Kursusse in rekordbestuur en vir lêerafdelingklerke</li> <li>• Gespesialiseerde opleiding en werksessies word tydens Argiefweek aangebied</li> <li>• Verskaffing van opleidingsgeleenthede aan ander belanghebbendes</li> <li>• MGO- en buurtskoolprogramme</li> </ul>

<b>Strategiese prioriteitsarea</b>	<b>Departementele bydrae vir 2020-2025</b>
	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Verskaffing van kuns- en kultuuraktiwiteite lê die grondslag vir kuns- en kultuurbeoefenaars</li> <li>• Artistieke uitdrukking en die kweek van empatie lê die grondslag vir verdraagsaamheid en aanvaarding en maatskaplike kohesie</li> <li>• Ondersteuning van kuns- en kultuuraktiwiteite maak dit moontlik om kulturele identiteite op streeksvlak te ontwikkel sodat daardie identiteite feeste en geleenthede informeer en tradisionele kunsvorms bewaar</li> <li>• Blootstelling aan vaardighedsontwikkeling in die kunste verskaf geleenthede aan die jeug om lewensvaardighede te ontwikkel en dra by tot geleenthede in die skeppende bedrywe</li> <li>• Verskaffing van opleidingsgeleenthede vir opkomende kunstenaars</li> <li>• NSP teiken jeugdiges wat in gevaar verkeer</li> <li>• Jeugdiensprogram</li> </ul>
VIP 4: Mobiliteit en ruimtelike transformasie	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die departement is in elke dorp in die provinsie teenwoordig, hetsy in die vorm van biblioteke, museums of sportkantore</li> <li>• Maatskaplike infrastruktur, bv. biblioteke, sportfasilitete, museums, argiewe, ens.</li> <li>• Ruimtelike transformasie van die erfenislandskap deur die werk van die entiteit EWK te ondersteun.</li> <li>• Kulturfasilitete bied aan gemeenskappe en burgerlike organisasies 'n veilige ruimte vir aktiwiteite wat maatskaplike transformasie aanwakker</li> </ul>
VIP 5: Innovasie en kultuur	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik van vrywilligers in biblioteke om geletterdheid te verhoog</li> <li>• Beskikbaarstelling van meer elektroniese hulpbronne in biblioteke beskikbaar</li> <li>• Dienstleeringsmodelle vir openbare-private vennootskappe in beide jeugdienste en sportontwikkeling</li> <li>• Ontwikkeling van norme en standarde vir jeugdienste</li> <li>• Kweek van 'n kultuur van sensitiewe bestuur in al ons dienste</li> <li>• Kweek van 'n leeskultuur deur ons biblioteke, jeugdiens, argiewe en museums</li> <li>• Digitalisering van argiefreks, wat neerkom op die sistematiese omskakeling van geselekteerde en geprioritiseerde versamelings na 'n digitale formaat om toeganklikheid, bewaring en sekuriteit te verbeter en wat deel uitmaak van die breër sakekontinuïtystategie vir die argief- en rekorddiens</li> <li>• Versterking van die program vir die elektroniese bestuur van rekords wat verantwoordelik is vir die doeltreffende en sistematiese beheer oor die skep, ontvangs, instandhouding, gebruik en ordening van elektroniese rekords, met inbegrip van die vaslegging en instandhouding van bewyse van en inligting oor sake-aktiwiteite en transaksies.</li> <li>• Aanlynbesprekingsstelsel vir kulturfasilitete</li> <li>• Aanlynkursus vir lêerkantoorklerke oor die bestuur van rekords</li> <li>• Implementering van Access to Memory (AtoM), wat webgebaseerde, beskrywende sagteware vir argiewe is, sal die aanlynbeskikbaarstelling van argiefmateriaal vergemaklik.</li> <li>• Implementering van Archivematica, wat 'n geïntegreerde suite oopbron-sagtewarewerktauie is, sal werk maak van die langtermynbewaring van en toegang tot teksrekords, foto's, bewegende beelde, oudiomateriaal, kaarte, planne en materiaal van digitale oorsprong met insluiting van gedigitaliseerde beelde.</li> <li>• Argiefportaal sal die publiek bemagtig om navorsing aanlyn te doen.</li> <li>• Provinciale databasis vir mondelinge geskiedenis wat alle projekte lys wat in die Wes-Kaap oor mondelinge geskiedenis uitgevoer is</li> <li>• Ondernemingsinhoudbestuur</li> <li>• Gedeelde infrastruktuurmodel in buurtskole</li> <li>• Vennootskapmodel in YearBeyond</li> <li>• Finansieringsmodel in YearBeyond</li> </ul>

<b>Strategiese prioriteitsarea</b>	<b>Departementele bydrae vir 2020-2025</b>
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die opname oor kultuurritte en die Barrett-vraelys moet die DKES se organisiekultuur versterk wat tot die organisie se welstand sal bydra</li> </ul>

Alhoewel die DKES via sy mandaat regstreeks bydra tot alle provinsiale VIP's, vind die departement regstreeks aansluiting by die fokale areas wat betrekking het op die bemagtiging van mense, en in die besonder fokusarea 3: Jeug en vaardighede, en veilige en koherente gemeenskappe as prioriteitsarea.



"Om maatskaplike kohesie deur die mobilisering van gemeenskappe (in die besonder die jeug) te bewerkstellig" is een van die departement se topprioriteite.

Die departement het VIP 1 en VIP 3 geteiken.

### **VIP 1: Veilige en koherente gemeenskappe**

Veiligheid is geïdentifiseer as 'n vername belemmerende faktor wat inwoners se vooruitgang en welstand inperk. As deel van die provinsie se pogings om veiligheid te verbeter, gaan die Departement van Kultuursake en Sport daarop fokus om te verhoed dat jeugdiges by kriminele aktiwiteite betrek word deur hulle in plaas daarvan by naskoolse programme te betrek wat spesifiek op die volgende afgestem is:

- Om akademiese agterstande ten opsigte van geletterdheid en wiskunde uit te wis met 'n spesifieke fokus op graad 3 en 4
- Om aktiewe deelname aan sport- en kunsklubs en positiewe interaksie met lede van hul portuurgroep aan te moedig as 'n teëvoeter vir afwesigheid en anti-sosiale gedrag
- Om marginalisering te verhoed deur geleenthede vir gemarginaliseerde jeugdiges te skep om deel te hê aan programme
- Om geweld te verhoed deur geleenthede aan jeugdiges te bied waarvolgens hulle vaardighede kan ontwikkel wat hulle in staat stel om geweld en woede op 'n ander wyse te bowe te kom

Die teiken is om teen 2023/24 ondersteuning te bied aan 8 000 leerders wat in gevaar verkeer, met 'n teiken van 2 850 leerders wat vir 2020/21 gestel is.

Ten opsigte van veiligheid, is die departement se prioriteit "om jeugdiges wat in gevaar verkeer by sport-, kuns- en kultuurprogramme te betrek".

### **VIP 3: Bemagtiging van mense**

Die departement sal bydra tot VIP 3 deur die biblioteekdiens se leesinisiatiewe, die jeugdiens- en naskoolprogramme, en sport- en ontspanningsdienste.

#### **Jeugdiensprogram**

Werkloosheid onder die jeug is een van die grootste uitdagings waarvoor Suid-Afrika en die Wes-Kaap te staan kom. Die nasionale en provinsiale regering teiken programme wat hierdie uitdaging die hoof kan bied. In die Wes-Kaap is die Departement van Kultuursake en Sport daarvoor verantwoordelik om dwarsliggende pogings te koördineer wat daarop afgestem is om jeugdiges van 'n eerste werkservaring te voorsien en om weë te skep wat tot emplojering en verdere studies vir jeugdiges sal lei. In die loop van die volgende vyf jaar sal 10 000 geleenthede vir die jeug geskep word om werkservaring op te doen deur die YearBeyond- en UOWP-program se nalatenskap uit te brei.

Ten einde doeltreffender ondersteuning vir die jeug in die provinsie te verseker, sal die provinsiale jeugprogramme gerig word deur die norme en standarde wat ingevolge die PTM ontwikkel en aanvaar is. Hierdie programme sal die jeug met betekenisvolle werkservaring en lewensvaardighede toerus sodat hulle op hul loopbane kan voortbou. Daar word beoog dat 75%+ van die deelnemers toegang tot werk- of studiegeleenthede sal verkry.

Die teiken vir 2020/21 is om geleenthede aan 500+ jeugdiges te bied. Daar sal jaarliks op hierdie natalenskap uitgebrei word sodat die teiken van 4 000 geleenthede per jaar teen 2023/24 bereik kan word.

Sommige van die bewusmakingsprogramme rondom argiewe, met inbegrip van Argiefbewusmakingsweek, skoolbesoeke en argiefbesoeke, is spesifiek op die jeug afgestem.

### **Wes-Kaapse Jeugontwikkelingstrategie:**

Die Wes-Kaapse jeugontwikkelingstrategie het ten doel om meer ondersteuning, geleenthede en dienste vir alle jongmense te skep sodat hulle beter met hul omgewing omgaan en suksesvol oorgaan tot verantwoordelike, onafhanklike en stabiele volwassenes. Die doel van die strategie is vir die jeug in die Wes-Kaap om geïnspireerde, opgevoede, verantwoordelike, onafhanklike en gesonde individue te wees wat teen die ouderdom van 25 jaar produktiewe persoonlike, gesins- en sosiale verhoudings het.

Die strategie berus op die volgende vyf pilare:

PILAAR	OOGMERK	PROGRAMME
Gesinsgrondslag	Om 'n kritieke massa ouers met doeltreffende ouerskapsvaardighede en ondersteuningsnetwerke te hê ter ondersteuning van positiewe jeugontwikkeling	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gesins- en ouerskapondersteuning</li> <li>• Gesondheid- en psigososiale dienste</li> <li>• Gesondheidsgeletterdheid</li> <li>• Amabassadeursprogram vir gemeenskapsrolmodelle</li> </ul>
Onderwys en opleiding	Om te verseker dat die jeug geletterd, gesyferd en voorbereid is op die lewe en werk	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gehalte-onderwys</li> <li>• Skoolretensie</li> <li>• Gestruktureerde naskoolse aktiwiteite</li> <li>• Vaardigheidsontwikkeling en bemiddeling</li> <li>• Internettoegang vir die publiek</li> </ul>
Ekonomiese geleenthede	Om geleenthede vir die jeug te verskaf om uitgebreide werken arbeidsmarkvoortsigte te hê	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Verbeterde konneksies tussen die jeug en werk en studie deur sinnolle werksvarings te skep</li> <li>• Gesubsidieerde werksprogramme</li> <li>• Emplojeringbemiddelingsdienste</li> <li>• Finansiële geletterdheid</li> </ul>
Identiteit en behorendheid	Om te verseker dat die jeug in staat is om met positiewe invloede in hul lewens te identifiseer wat 'n sin van behorendheid en bemiddeling bevorder	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Portuurondersteuning en netwerke</li> <li>• Geleenthede vir sport, musiek, kuns en kultuur as 'n werktuig vir ontwikkeling</li> <li>• Ruimtes en netwerke vir die jeug</li> <li>• Positiewe beelde van die jeug</li> <li>• Leierskapsontwikkeling</li> </ul>
Heraansluitingsgeleenthede	Om die heraansluiting van die jeug te faciliteer deur doeltreffende dienste en ondersteuning vir heraansluiting te bied, veerkrachtigheid te versterk en positiewe ontwikkeling moontlik te maak	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Aktiewe programme om jeugdiges sonder konneksies te betrek</li> <li>• Positiewe treetjie-vir-treetjie-programme</li> <li>• Vaardigheid- en werksbemiddeling</li> </ul>

Die departement dra by tot elk van die vyf pilare van die strategie, in die besonder onderwys en opleiding deur gestruktureerde naskoolse aktiwiteite te verskaf, sowel as identiteit en behorendheid deur geleenthede vir sport, musiek, kuns en kultuur as werktuie vir ontwikkeling te verskaf.

## **Wes-Kaapse strategie in reaksie op klimaatsverandering, 2014:**

Die Wes-Kaapse strategie in reaksie op klimaatsverandering gedateer 2014 is 'n gekoördineerde klimaatsveranderingsrespons vir die Wes-Kaapse Provinsie om die kollektiewe implementering van innoverende projekte en die soekte na geleenthede wat 'n lae koolstofontwikkelingstrajek met verhoogde klimaatsveerkragtigheid, versterking van ekostelsels en die dienste wat hulle verskaf sowel as ekonomiese groei en werkskepping kombineer, te begelei. Die fokus van die strategie is op pragmatiese, plaaslik implementeerbare, programmatiese benaderings om werk te maak van geïntegreerde klimaatsveranderingsresponse.

Alhoewel die departement nie regstreeks verantwoordelik is vir die handelinge soos uitgestip in die strategie nie, sal die departement verskeie aanpassingsinisiatiewe om water te bespaar, inisieer of aanhou om hulle te implementeer. Hierby ingesluit is waterbesparing in alle departementele personeelkantore en by die departement se onderskeie fasiliteite soos museums, argiewe en sport- en kultuurfasiliteite. Die departement sal ook verdere ondersoek instel na potensiële waterbesparingsmaatreëls soos alternatiewe sportoppervlakte wat nie van water afhanklik is nie. 'n Waterberaad is met Wes-Kaapse sportfederasies gehou om die toekomstige benutting van sportfasiliteite in die Wes-Kaap te bepaal. Die departement het verskeie munisipaliteite finansieel ondersteun om te boor, water te pomp en watertenks/reservoirs op te rig sodat sport kon voortgaan. Deur sy toelaeaprogram vir die kunste sal die departement voortgaan om die rol wat die kunste en kultuur in volhoubare strategieë en omgewingsopvoeding speel, te versterk en in die besonder deur forum- en industriële teater.

## **SEKTORALE BELEIDSKONTEKS**

Na verwagting gaan die volgende beleide en wetgewing 'n impak op die departement se dienslewering hê:

- Wet op Traditionele en Khoisan-leierskap, 2019 (Wet 3 van 2019)

Die President het die wetsontwerp op 20 November 2019 bekragtig. Die Wet op Traditionele en Khoisan-leierskap, 2019 (Wet 3 van 2019) (die Wet) is ingevolge Kennisgewingnommer 1550 in Staatskoerant 42865 op 28 November 2019 aangekondig. Die Wet sal in werking tree op 'n datum wat deur die President by wyse van 'n proklamasie in die Staatskoerant aangekondig sal word. Die hoofdoelwitte van hierdie wet is:

- Om bepalings neer te lê vir die erkenning van Khoisan-leierskap;
- Om die Wet op die Nasionale Huis van Traditionele Leiers, 2009, en die Wet op 'n Raamwerk vir Traditionele Leierskap, 2003, te konsolideer;
- Om werk te maak van sekere beperkings in die bestaande wetgewing; en
- Om daaropvolgende wysigings van ander wette tot uitvoer te bring.

- Wetsontwerp op Traditionele Inisiasie

Aangesien hierdie wetsontwerp teen die einde van die ampstermyn van die vyfde NRP nog nie gefinaliseer was nie, het die Raad dit weer geopper ten tyde van 'n vergadering op 17 Oktober 2019. Die hoofdoelwitte van hierdie wetsontwerp is:

- Om bepalings neer te lê vir die doeltreffende regulering van praktyke verwant aan traditionele inisiasie;

- Om bepalings neer te lê vir die daarstelling van 'n nasionale inisiasie-oorsigkomitee en provinsiale inisiasiekoördineringskomitee en hul funksies;
- Om bepalings neer te lê vir die verantwoordelikhede, rolle en funksies van die onderskeie rolspelers wat by inisiasiepraktyke as sodanig betrokke is of by beheer oor aspekte daarvan;
- Om bepalings neer te lê vir die doeltreffende regulering van praktyke verwant aan inisiasiesskole; en
- Om bepalings neer te lê vir die regulerende magte van ministers en premiers.

Sodra uitgevaardig, sal hierdie konsepwet 'n impak hê op die wyse waarop die departement sy werk verrig aangesien dit verantwoordelik is vir die beskerming, bevordering en bewaring van die kuns-, kultuur en erfenis in die provinsie, sowel as op sy doelwitte binne die raamwerk vir tradisionele inisiasi.

- Die Wetsontwerp op die Suid-Afrikaanse Openbarebiblioek- en Inligtingdienste, 2019

Die Nasionale Kabinet het die publikasie van die Wetsontwerp op die Suid-Afrikaanse Openbarebiblioek- en Inligtingdienste van 2019 goedgekeur vir kommentaar deur die publiek. Die wetsontwerp het ten doel om aandag te skenk aan transformasieprobleme deur openbare biblioteke aan gemeenskappe te voorsien, veral aan voorheenbenadeelde gemeenskappe. Dit bevorder ook samewerkende regering en koördinering oor die drie regeringsfere heen sover dit openbarebiblioek- en inligtingsdienste betref.

- Hersiene Witskif oor Kuns, Kultuur en Erfenis

Hierdie dokument verskaf 'n raamwerk vir nasionale en provinsiale beleid oor kuns-, kultuur-, erfenis-, biblioteek- en argiefdienste. Die huidige Witskif oor Kuns, Kultuur en Erfenis is in 1996 afgekondig met die hooffokus op die rasionalisering en herbelyning van die kuns-, kultuur- en erfenis sektor ooreenkomstig post-apartheid geopolitiek. Gegewe die veranderende tye was dit nodig om die witskif te hersien. Die hersiene witskif is in 2018 deur die Kabinet goedgekeur na afloop van 'n sosio-ekonomiese impakassessering wat deur die Suid-Afrikaanse Kultuurobservatorium uitgevoer is.

- Museumordonnansie-wysigingswetsontwerp

Die wetsontwerp het ten doel om die Museumordonnansie in ooreenstemming te bring met die grondwet van die Wes-Kaap sowel as dié van die RSA. Die konsepwetsontwerp is deur regsdienste goedgekeur en in die drie amptelike tale van die Wes-Kaap vertaal. Daar word voorsien dat die konsepwetsontwerp in 2020 deur die provinsiale kabinet vir openbare kommentaar gepubliseer sal word.

- Wes-Kaapse Konsepwetsontwerp op Erfenishulpbronbestuur

Erfenis is 'n samelopende funksie, en hierdie wetsontwerp het ten doel om uit nasionale wetgewing te trek en tegelyk streeksomstandighede ten opsigte van erfenishulpbronbestuur in ag te neem. Die wetsontwerp beoog om die proses vir die bestuur van erfenishulpbronne in die Wes-Kaap meer vaartbelyn te maak. Die departement het 'n verslag aan die regulatoriese impakassessering komitee voorgelê oor sy omvattende gesprekvoering met belangstellende en belanghebbende partye oral in die provinsie en gaan voort met die opstelproses ooreenkomstig regsvereistes.

- Nasionale Wysigingswetsontwerp op Sport en Rekreasie

Hierdie wetsontwerp sal 'n impak hê op toekomstige verhoudings met belanghebbers.

## PLAASLIKE OWERHEIDKONTEKS

Die departement volg 'n asimmetriese benadering tot die ruimtelike verspreiding van dienslewering, gegronde op die behoefte en drakrag van munisipaliteite.

Die departement skakel gereeld met munisipaliteite, via die GOP-proses sowel as vergaderings met verskeie belanghebbers in alle distrikte, rakende spesifieke dienste, bv. biblioteke, ontwikkeling en driesydige sportbyeenkomste.

Die provinsiale gesamentlike distrikbenadering is 'n geografiese spangebaseerde, burger-gefokusde benadering (onder leiding van die departement van plaaslike regering) om 'n mandjie regeringsdienste te lewer met die oog daarop om lewensomstandighede in die provinsie te verbeter. Vername geprioritiseerde temas is koppelvlakte met burgers, afvalbestuur, infrastruktuurbestuur, migrasie/verstedeliking en klimaatverandering/watersecuriteit. Die Departement van Kultuursake en Sport ondersteun hierdie prioriteite deur sy dienste. Die departement het 'n voetspoor in elke distrik en werk ten nouste saam met munisipaliteite om ooreenstemming met die gesamentlike distrikbenadering te verseker.

## 2. Bywerking van institusionele beleide en strategieë

### 2.1. Institusionele benaderings

Die departement verskaf dienste vir elke fase van 'n individu se lewensiklus, soos hieronder geïllustreer:

Conception	0 – 2 yrs 0 – 5 yrs	6 – 10 yrs	11 – 15 yrs	16 – 18 yrs	19 – 24 yrs 25 yrs plus
	Arts and culture Museums Recreation Libraries - Reading for meaning	Arts and culture Museums Recreation Libraries - Reading for meaning	Arts and culture Museums Recreation Libraries	Arts and culture Museums Recreation Libraries	Arts and culture Museums Recreation Libraries
	artists in schools Primary school sport After School Programme	artists in schools Primary and high school sport After School Programme	Young patriots, artists in schools High school sport	Young patriots	
			Club and Fed. Support – long term particip.	Club and Fed. Support – long term particip.	Club and Fed. Support – long term particip.
			Archives	Archives	Archives
				Initiation programme	Initiation programme
				EPWP	EPWP
				Youth in service	

Die departement se implementering van sy beleide en strategieë sal ondersteun word deur die volgende benaderings:

### **Innovasie**

Die opleidingsprogram vir dansonderwysers is 'n toetslopie wat daarop afgestem is om programkohesie te bewerkstellig en om plaaslike dansinstrukteurs in die Wes-Kaap en Sentrale Karoo te identifiseer wat onderrig word in die beginsels van die ontwikkeling van 'n dansles, die beplanning van geleenthede en die strategieë wat ingespan kan word om fondse te werf. Hierdie program word befonds uit toelaes vir die kunsteprogram. 'n Venootskap is aangegaan met Dance for All, wat plaaslike dansinstrukteurs opgelei het, en die program vir Jong Patriotte waarvolgens jong patriotte as plaaslike dansinstrukteurs by gevestigde gemeenskapsorganisasies geplaas is om dans in elk van die munisipaliteite in die distrikte te bevorder. Elke distrikprojek het uitgeloop op 'n hoogtepunt waar leerling-dansinstrukteurs 'n danstentoonstelling aangebied het om met hulle harde werk te spog. "Slaan die Weskus aan Die Brand" getuig van die sukses van hierdie toetslopie.

Daar word op 'n innoverende wyse van openbare biblioteke gebruik gemaak waar die meeste openbare biblioteke 'n dubbele doel dien deur te help om tekorte wat deur skoollbiblioteke ervaar word, uit te wis en tegelyk die omliggende gemeenskap van diens te wees. Die departement gaan ook 'n venootskap met die departement van ekonomiese ontwikkeling en toerisme (DEOT) aangaan om ING-sentrums via die konnektiwiteitsprojek vir landelike biblioteke na landelike gebiede uit te brei. Hierdie projek sal op 'n innoverende wyse gebruik maak van bestaande infrastruktur wat vir laasgenoemde projek ontwikkel is met die oog daarop om ING-sentrums daar te stel wat aan lede van die publiek die geleenthed bied om in rekenaargebruik opgelei te word.

Die departement werk ook voortdurend daaraan om sy argiefdienste te vernuwe. Hierby ingesluit is deurlopende digitalisering van argiefreksode, die ontwikkeling van die beroep (in hierdie verband het die departement 'n ooreenkoms aangegaan met die Nasionale Argiewe van Nederland om opleiding aan die Wes-Kaapse argivarisse te bied) en die implementering van Access to Memory (AtoM). Laasgenoemde is webgebaseerde sagteware wat argiefstukke beskryf en argiewe se aanlyn-beskikbaarstelling van sy rekords sal vergemaklik. Opleiding in die bestuur van elektroniese rekords sal steeds aangebied word om die behartiging van hierdie rekords op te skerp. Die aanbod deur die Departement van die Premier om 'n aanlynkursus vir lêerkantoorklerke aan te bied, sal opgevolg word.

Ten tyde van die Premier se toekennings vir diensuitnemendheid in 2018 is die departement se naskoolse program met goud bekroon vir innovasie in die staatsdiens. Hierdie program het nie net vernuwing aan die kant van velerlei belanghebbers gevorg nie, maar het die departement genoop om innoverend te besin oor sy werk en om deelnemers aan die YearBeyond-program uit te daag om innoverend te dink en om vorendag te kom met verskeie weë waarslangs jeugdiges toegang tot werkgeleenthede kan verkry. As deel daarvan om NSP's te lewer, het die departement innoverende infrastruktur verskaf aan klustergebaseerde fasiliteite wat onder die MGO- en buurtskoolprogram ressorteer.

'n Innovierende aspek van die departement se werk met sportfederasies is om die burgerlike samelewing te betrek by jaarlikse vergaderings om die prestasie van federasies te evalueer. Sodoende word aanspreeklikheid, toesighouding en inklusiewe deelname bevorder.

Die departement volg ook 'n innoverende benadering tot "buurtontwikkeling" deurdat rekreasie, massadeelname, skoolsport, klub-rekreasie en sport, die kuns en kultuur ingespan word as 'n meganisme om buurte te ontwikkel wat:

- 'n Gevoel van behorendheid skep;
- 'n Gevoel van identiteit skep;
- Maatskaplike kohesie in die hand werk;
- Lewenslange aktiwiteit ('n "Aktiewe Nasie") bevorder; en
- 'n Kampioen-ingesteldheid skep ('n "Wen-nasie").

Hierdie benadering tot buurtontwikkeling fokus op die ontwikkeling van voorskoolse en skoolgaande jeug in die ouderdomsgroep 3 tot 18 jaar binne 12 buurte oral in die Wes-Kaapse Provinsie. In elke buurt is die klem op vroeëkindontwikkeling gedurende skoolaktiwiteite en in naskoolse aktiwiteite. Hierby ingesluit is spel, liggaamsopvoeding, rekreasie, intra- en interskoolgebaseerde aktiwiteite, progressie tot deelname op 'n gevorderde vlak, bemeesterend en loopbaangebaseerde en professionele aktiwiteite.

Ter ondersteuning van elke buurt sal die benadering wees om fasiliteite te deel waarvolgens skoolgebaseerde fasiliteite óf opgegradeer óf ontwikkel sal word. Hierdie fasiliteite sal deur elk van die ter sprake skoolgebaseerde gemeenskappe in elk van die 12 buurte benut word.

Via hierdie program, wat die inboeseming van lewensvaardighede en positiewe boodskappe op sosiale media insluit en tegelyk die gedeelde gebruik van fasiliteite bevorder, word die weg gebaan vir die jeug in elk van die 12 buurte om vir 15 jaar toegang te hê tot die hulpronne en ondersteuning wat hulle in staat sal stel om holisties as individue, patriotiese burgers en produktiewe lede van die samelewing te ontwikkel.

### **Hele-samelewing-benadering (WOSA)**

Die hele-samelewing-benadering (WOSA) is 'n dwarsliggende gemeenskapsgebaseerde benadering wat ten doel het om begrip te bewerkstellig en om werk te maak van die sosio-ekonomiese uitdagings wat "binne" 'n gemeenskap ervaar word, eerder as om die algemene uitdagings "van" 'n gemeenskap aan te spreek deur te erken dat elke gemeenskap sy eie unieke uitdagings beleef. Sodoende word daar op 'n hele-samelewing-benadering gefokus ten einde dienste vir mense in 'n spesifieke streek te verbeter. Hierdie benadering gaan aanvanklik op vier areas fokus, naamlik Saldanha, Drakenstein, Manenberg en Khayelitsha. Die departement is ten volle by hierdie inisiatief betrokke.

Voorts het die departement hierdie benadering gebruik om die institusionele model vir die provinsiale jeugdiens daar te stel.

### **Stedelike/landelike dienslewering**

Alle departemente dienste word in beide stedelike en landelike gebiede van die provinsie aangebied. Via sy kuns-, kultuur- en erfenisprogramme verseker die departement dat kultuur en erfenis bewaar word en dat die kunste met behulp van museums en kunsfasiliteite as nodes in landelike distrikte bevorder word.

Die departement verskaf biblioteekdienstepunte in bykans elke landelike gemeenskappie (waarvan sommige se populasie so min as 'n paar honderd of 'n bietjie meer is). Die meeste van die klein landelike biblioteksentrums word via die konnektiwiteitsprojek vir landelike biblioteke van gratis internettoegang voorsien. Vir baie van hierdie gemeenskappe is dit die enigste toegang wat hulle tot die internet het. Om te verseker dat blinde en gesiggestremde mense oral in die provinsie gratis toegang tot leesmateriaal het, het die departement, in samewerking met die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes, 27 mini-biblioteke vir blindes oral in die provinsie se landelike gebiede ontplooи.

Via sy provinsiale argief- en rekorddiens verleen die departement steeds hulp aan staatsinstansies, met inbegrip van munisipaliteite, om rekords ter bevordering van aanspreeklikheid en goeie toesig te bestuur.

Tans sien die verhouding tussen die stedelike en landelike voetspoor (persele) van die naskoolse program as volg daaruit: 55% stedelik; 45% landelik. Verskeie ander sport- en ontspanningsaktiwiteite is ook oral in die provinsie in stedelike en landelike gebiede aangebied. Stedelike en landelike ontwikkeling maak ook 'n integrale deel uit van al die departement se sportontwikkelingsaktiwiteite, -projekte en -programme, bv. die rekreasieprogram, MGO-program en skoolsportprogram. In hierdie geval is deelnemers, personeel en toewysings daarop afgestem om 'n balans tussen stedelike en landelike ontwikkeling te verseker.

### **Insluiting van gender, die jeug en gestremdheid by die hoofstroom**

In die kunstesektor is vroue nie net erg onderverteenvoordig in die werksmag nie, veral wat top-kreatiewe rolle en besluitnemingsposisies betref, maar hulle het ook minder toegang tot hulpbronne en word oor die algemeen minder as mans betaal. Hierdie dispariteit word dikwels geïgnoreer, maar moet erken en die hoof gebied word as ware diversiteit in kulturele uitlewing bereik wil word. Klassieke en koraalmusiek leen hulle oor die algemeen tot massadeelname en, in die besonder, deur vroue. Operas, kore en orkeste is weens hulle aard arbeidsintensief, het die vermoë om werk oral in die waardeketting verwant aan die musiek-, teater- en filmbedryf te skep en kan 'n nuttige meganisme wees om werk in die kunstesektor te skep. Omdat hulle so baie doen, gaan ons ons ondersteuning van professionele kunsorganisasies sowel as NRO's verhoog. Hierdie organisasies deurkruis die hele provinsie om vaardighede aan 'n jonger generasie kunstenaars oor te dra en nuwe gehore in verskeie gemeenskappe te skep.

Die literêre kunsteprojek "Senior Burgers Vertel Stories" het 'n toename in deelname deur ouer vroue aan hierdie program beleef. Hierdie program het ten doel om die mondelinge tradisies van gemeenskappe te bewaar as 'n manier om te verseker dat morele en maatskaplike waardes behoue bly. Verskeie openbare biblioteke bied uitrekprogramme wat via geletterheid op die bemagtiging van vroue fokus en tegelyk ondersteuning aan kwesbare vroue en meisies bied.

Die handwerkontwikkelingsprogram fokus spesifiek op vroue en alle produkte wat ontwikkel word, word by geselekteerde museums oral in die provinsie ten toon gestel. In die naskoolprogram was 51% van die 81 103 gereelde en konsekwente leerders meisies. 'n Benadering van geslagsgelykheid word ten opsigte van sportontwikkelingsaktiwiteite, -projekte en -programme gevolg, nl. die rekreasieprogram, MGO-program en skoolsportprogram. In hierdie geval is deelnemers, personeel en toewysings daarop afgestem om 'n balans ten opsigte van geslag te verseker. Die federasies bied ook sport vir vroue en mans en junior meisies en seuns in elke sportkode aan.

Die departement ondersteun die programme vir vroue en meisies wat deur sportfederasies geïdentifiseer word. Ses projekte word jaarliks oral in die Wes-Kaap geïdentifiseer. Voorts sluit die ondersteuning van programme vir vroue en meisies die volgende in:

- Kapasiteitsbou (hoodhulp, vlakke, ens.);
- Leierskap- en mentorskapskursusse;
- Kursusse vir skeidsregters en tegniese beampetes; en
- Ontwikkelingsprojekte.

Jaarlikse promosietoere vir Vroue in Sport gaan oral in die provinsie gehou word om die struikelblokke en inisiatiewe vir vroue in sport te bespreek. Tans het die werksessies ten doel om 'n provinsiale aksieplan (#PAP) te formuleer sodat kliënte en federasies in die Wes-Kaap begelei kan word om struikelblokke uit te wis; deelname te verhoog; geslagstereotipering uit te wis; voeding, sportgesondheid, fisieke en geestelike welstand, onderwys en opleiding, toeganklikheid, mentorskap en afrigting, platforms vir leierskap en mentorskap deur vroue, mediablootstelling, borgskappe en beleidsontwikkeling te bevorder; en om geslagsgebaseerde geweld deur sport uit te wis.

Die departement ondersteun ook persone met gestremdhede via sy programme deur vaardighede, produkontwikkeling en tentoonstellingsgeleenthede te bied. Die Genadendal-, Greyton- en Voorville-gestremdheidsforum het oor die afgelope paar jaar jaarlikse befondsing ontvang. Gedurende die afgelope drie jaar het hulle daarin geslaag om produkte met 'n eie karakter te skep wat dit vir hulle moontlik maak om hul produkte aan die kommersiële mark te verkoop.

Die organisasie maak juweliersware van herwonne papier en werk deesdae ook met leer. Hulle stel aanlynverkope in die vooruitsig wat hulle markpenetrasie sal verhoog en nuwe markte vir hul produkte sal skep.

Die departement het verskeie inisiatiewe wat op die gehoorgestremde gemeenskap afgestem is, soos:

- Samewerking met PanSAT om werksessies oor die PanSAT-charter vir Gebaretaal saam met die provinsiale taalforum aan te bied;
- Verkenning van geleenthede om saam met hoëronderwysinstellings, soos die Universiteit van Stellenbosch, ondersoek in te stel na innovasies rondom Gebaretaal; en
- In medewerking met belanghebbende agentskappe deurlopende bewusmaking rakende gehoorgestremdes te skep.

Die departement het ook verskeie programme en inisiatiewe wat op die jeug afgestem is sodat daar werksgemaak kan word van die maatskaplike en ekonomiese uitdagings waarvoor die jeug in die provinsie te staan kom.

## 2.2. Diensleweringverbeteringsplan

Die departement het 'n diensleweringverbeteringsprogram (DLVP) wat daarop afgestem is om doeltreffende en doelmatige dienslewering te verseker. Die departement se huidige DLVP is vir die tydperk 1 April 2018 – 31 Maart 2021. 'n Nuwe DLVP sal daarna voorberei word.

Ten opsigte van die DLVP gaan die departement in 2020/21 op die volgende fokus:

Dienste wat vir verbetering geïdentifiseer is;	Departementele projekte/planne; en
Toegang tot kultuurfasiliteite.	Hierdie fasiliteite bied talryke geleenthede. Om die benutting van kultuurfasiliteite deur alle sektore van die gemeenskap te optimeer, het die behoefte ontstaan om die administratiewe prosesse wat met die bespreking en gebruik van die fasiliteite deur lede van die publiek verband hou, te verbeter deur mens, plek, proses en tegnologie te integreer. Om dit te vermag, is 'n elektroniese besprekingsstelsel bekendgestel om toegang tot sentrums te vergemaklik. Die moontlikheid om fasiliteite gedurende staantyd vir diverse programme en aktiwiteite en aan gebruikers in die privaat sektor uit te huur ten einde inkomstestrome te verhoog, word tans oorweeg.
Opvoedkundige museumprogramme	Museumdienste bied verskeie opvoedkundige programme aan die publiek via vennootskappe met geaffilieerde museums. Museumdienste sal verskeie opvoedkundige programme aan 30 geaffilieerde museums verskaf. Om te verseker dat die diensstandaard gehandhaaf word, sal 80 persent van die opvoedkundige museumprogramme geëvalueer word aan die hand van terugvoervorms wat deur opvoeders voltooi moet word. Kortom, twee stelle opvoedkundige materiaal sal ontwikkel en aan geaffilieerde museums beskikbaar gestel word.

## 2.3. Beplande beleidsinisiatiewe

Die beleidsinisiatiewe wat hieronder beskryf word, word vir 2020-2025 beplan:

BEPLANEDE BELEIDSINISIATIEWE	DOEL	VOORGESTELDE TYDSRAAMWERK
Hersien die Wes-Kaapse beleid vir befondsing van die kuns	Oor die afgelope drie jaar was daar beduidende veranderings aan die omgewing waarbinne befondsing van die kuns, kultuur en erfenis plaasvind. Ons gaan kyk na die uitbouing van die omvang van sektore en organisasies sowel as intervensies en geleenthede wat befonds word, onderwyl daar ook gekyk sal word na hoe die beleid gebruik kan word om h kultuur van samewerking in te skerp.	2020/21
Wysiging van die Wet op die Provinciale Argief- en Rekorddiens van die Wes-Kaap (Wet 3 van 2005)	Nuwe ontwikkelings in die argief- en rekordbestuurberoep het die wysiging van die provinsiale wet op argief- en rekorddienste genoodsaak. Die gewysigde wetgewing sal ontwikkelings soos tegnologiese ontwikkelings in argief- en rekordbestuur insluit. Die wet sal ook in ooreenstemming gebring word met die hersiene Wet op die Nasionale Argiewe en Rekorddiens van Suid-Afrika (Wet 43 van 1996, soos gewysig) en die hersiene witskrif op kuns, kultuur en erfenis.	2021/22
Wes-Kaapse beleid vir kuns en kultuur	Die voorgenome beleid sal h basis verskaf vir die ontwikkeling, bevordering en beskerming van nie net kunsforms en genres nie maar ook werk maak van die departement se benadering tot beide tasbare en ontasbare kultuur.	2022/23
Nuwe beleidsraamwerk vir biblioteke	Om h beleid vir openbarebiblioteekdienste in die Wes-Kaap te bepaal.	2021/22
Wes-Kaapse sport- en rekreasieplan	'n Wes-Kaapse sport- en rekreasieplan sal geformuleer word om spesifiek die Wes-Kaapse planne vir die lewering van sport en rekreasie uit te stip.	2020/21

## 3. Bygewerkte tersaaklike hofuitsprake

Hofsaak	Verwysing	Impak op DKES
Die Voorsittersvereniging v Minister van Kuns en Kultuur [2007] SCA 44 (RSA)	Hooggeregshof, appèlsaakno. 25/2006	In hierdie uitspraak word uiteengesit wat as toereikende oorlegpleging met plaaslike gemeenskappe en ander belanghebbers beskou kan word ten opsigte van voorgestelde veranderings aan geografiese name. Die DKES en die Wes-Kaapse provinsiale komitee vir geografiese name wat deur die LUR daargestel is, is belangrike rolspelers in die implementering van die tersaaklike wetgewing, veral in soverre die facilitering van oorlegpleging met belanghebbers en gemeenskappe betref. Hierdie uitspraak moet in ag geneem word wanneer veranderings aan geografiese name geprosesseer word.
Qualidental Laboratories v Erfenis Wes-Kaap [2007] SCA 170 (RSA)	Hooggeregshof, appèlsaakno. 647/06	Hierdie uitspraak bevestig die magte wat aan die LUR en Erfenis Wes-Kaap opgedra is om voorwaardes vir h ontwikkeling kragtens artikel 47 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbron, 1999, neer te lê.
Top Performers (Edms.) Bpk. v Minister van Kultuursake en Ontspanning	Wes-Kaapse Hoë Hof saakno. 5591/05	Hierdie uitspraak het h diepgaande impak op die appèlproses van die tribunale wat deur die LUR kragtens artikel 49 van die Nasionale Wet op Erfenishulpbron, 1999, gelees tesame met Regulasie 12 van PK 336 van 2003, aangestel word. Die DKES en die LUR het korrekttiewe stappe geneem om billike administratiewe prosesse te verseker en bepalings neergelê waarvolgens nuwe bewyse in die oorkonde van h tribunaal se verloop opgeneem kan word, sowel as om beter nakoming van die reëls van geregtigheid ten opsigte van die regsspreuk audi alteram partem te verseker.

Hofsaak	Verwysing	Impak op DKES
Willows Properties (Edms.) Bpk. v Minister van Kultuursake en Sport	Wes-Kaapse Hoë Hof saakno. 13521/08	Die applikant het 'n dringende aansoek by die Hoë Hof ingedien om die LUR te dwing om 'n besluit te neem of, as 'n alternatief, die Rekord van Besluitneming te voorsien ten opsigte van 'n appèl wat by die LUR aangeteken is kragtens artikel 49 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, gelees met regulasie 12(7) van PK 336 van 2003. Die impak van die uitspraak vir die DKES is dat dit moet verseker dat tribunale Rekords van Besluitneming tydig uitreik. Korrekiewe maatreëls is sedertdien geïmplementeer.
Waenhuiskrans Arniston-belastingbetalersvereniging en 'n ander v Verreweide Eiendomsontwikkeling (Edms.) Bpk. en andere 1926/2008 [2009] ZAWCHC 181.	Wes-Kaapse Hoë Hof saakno. 1926/2008	Die hof het oorweeg of die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap of Erfenis Wes-Kaap oorregsbevoegdheid beskik ten opsigte van terreine wat deur SAEHA as Graad 1-terreine ooreenkomsdig artikels 35 en 36 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, gegradeer is. Die hof het bevind dat, in sodanige gevalle, SAEHA wel regsbevoegdheid het. Die implikasie van hierdie uitspraak vir die DKES is dat die departement regshulp ten opsigte van die vertolkning van wetgewing aan Erfenis Wes-Kaap moet verleen en moet verseker dat EWK binne sy wettige mandaat optree.
Die Louis Trichardt Voorsittersvereniging v die Minister van Kuns en Kultuur en die Raad op Geografiese Name van Suid-Afrika	Gautengafdeling van die Hoë Hof van Suid-Afrika 2014	Die hof het die naamverandering van Louis Trichardt na Makhado ter syde gestel nadat die partye buite die hof 'n skikking bereik het. Dit het implikasies vir hoe die DKES en die Wes-Kaapse provinsiale komitee vir geografiese name verseker dat die nodige oorlegplegingsprosesse rakende voorgestelde veranderings, standaardisering of heroorweging van geografiese name gekommunikeer en gedokumenteer word.
Peter Gees v die Provinciale Minister van Kultuursake en Sport, Wes-Kaap, die Voorsitter, Onafhanklike Appèltribunaal, Erfenis Wes-Kaap, die Stad Kaapstad, Stadskombelastingbetalers en -inwonersvereniging	Wes-Kaapse afdeling van die Hoë Hof van Suid-Afrika saakno. 6205/2015	Voorwaardes kan opgelê word in 'n permit vir die sloping van 'n bestaande struktuur wat ouer as 60 jaar is ingevolge artikel 34(1) van die Nasionale Wet op Erfenishulpbronne (Wet 25 van 1999).
Piketberg Plaaslike Erfeniskomitee en 'n ander v Liebco Vleishandelaars Edms. (Bpk.) en andere (Erfenis Wes-Kaap 2de respondent)	Wes-Kaapse afdeling van die Hoë Hof van Suid-Afrika saakno. 1103 2016	Aansoek om hersiening van 'n besluit van EWK se Beboude Omgewing- en Landskapkomitee (BELCom). Toestemming is aan BELCom verleen om 'n gebou op erf 207 Piketberg te sloop. Die Piketberg-erfeniskomitee het by die Hoë Hof aansoek gedoen om die besluit te hersien aangesien daar nie aan die bepalings van PAJA voldoen is nie. Die hof het EWK se beleid om slegs met geregistreerde bewaringsliggame oorleg te pleeg oorweeg en bevind dat, aangesien die besluite wat geneem is die potensiaal het om 'n impak op lede van die algemene publiek te hê, breër openbare oorlegpleging nodig was.

## **DEEL B: ONS STRATEGIESE FOKUS**

### **4. Bygewerkte omstandigheidsontleding**

#### **4.1. Ontleding van die eksterne omgewing**

##### **POLITIEKE OMGEWING**

Die sesde algemene verkiesing op Woensdag 8 Mei 2019 het 'n nuwe strategiese visie vir die Wes-Kaapse Regering gepropageer. 'n Nuwe 2019-2020 provinsiale strategiese plan is ontwikkel wat die strategiese raamwerk vir die prioriteite, soos vervat in die provinsie se mediumtermynbegrotingsbeleid, tot uitvoer sal bring. Die strategiese plan stip vyf visie-geïnspireerde prioriteite uit wat 'n veilige en koherente Wes-Kaap tot gevolg sal hê.

Die departement handhaaf steeds vennootskappe met die tersaaklike munisipale strukture en hul hoofde. Die departement implementeer sy programme en projekte binne munisipale grense.

##### **EKONOMIESE OMGEWING**

Die land se lae groeikoers en die wisselvallige wisselkoers van die Suid-Afrikaanse geldeenheid sowel as die impak wat die droogte op die getal toeriste wat die provinsie besoek, gaan hê, kan tot gevolg hê dat minder mense geaffilieerde museums besoek en feeste bywoon. Die departement fokus toenemend op kultuur- en skeppende bedrywe as 'n potensiële bydraer tot ekonomiese groei en werkskepping. Voorts beoog die departement om die institusionele kapasiteit van kunsorganisasies en -beoefenaars te ondersteun en te versterk.

In reaksie op beperkte finansiële hulpbronne gaan die departement fokus op strategiese herbelyning sodat samewerking met 'n paar instansies in die tersaaklike maatskaplike en openbare sektor versterk kan word en op inisiatiewe wat hulpbronne vir 'n groter impak kan hef. Die ekonomiese omgewing het ook tot gevolg dat daar onsekerheid is oor of 'n voorwaardelike toelae vir argiewe en rekorddienste ontvang sal word, welke toelae 'n dringende behoefte aan toerusting, personeel en infrastruktuur sou befonds. Die verlaging in begrotings en, meer spesifiek, die perke wat op staatsdepartemente se besteding aan vergoeding geplaas word, het 'n negatiewe impak op dienste wat mensgedrewe is en aan die voorpunt van dienslewering staan.

Voorts, soos beskryf in die strategiese raamwerk vir die 2020-2025 provinsiale strategiese plan, vergestalt jeugwerkloosheid 'n ernstige ekonomiese en maatskaplike krisis in Suid-Afrika. Alhoewel jeugdiges (tussen 15 en 34 jaar oud) 42,9 persent van die provinsiale arbeidsmag uitmaak, het 'n heelwat hoër persentasie (66,9%) van hulle in die derde kwartaal van 2019 onder die provinsie se werkloses getel. Baie van die provinsie se werklose jeug kom uit huise en gemeenskappe wat gekenmerk word deur sosio-ekonomiese ontbering (d.w.s. swak lewenstandarde, lae onderwysuitkomste, hoë werkloosheidskoerse en swak gesondheidsuitkomste) en het te kampe met beperkte naskoolse geleenthede. Die departement se Jeug-in-Diens-program het ten doel om werk te maak van hierdie kwessie deur geleenthede vir die jeug te skep om op 'n sinnvolle wyse by geleenthede vir werkervaring betrokke te raak en toegang tot ondersteuning te verkry sodat hulle hul weg tot emplojering of studies kan baan.

## MAATSKAPLIKE OMGEWING

Die bevordering van maatskaplike inklusiwiteit binne gemeenskappe is steeds 'n belangrike taak wat deur die departement verrig moet word, gegewe die toename in die provinsie se populasie. Namate verstedelikde gemeenskappe toeneem, moet kultuur- en erfenisinstansies toenemend 'n belangrike rol vervul om bewustheid te skep en om, aan die hand van inklusiewe narratiewe wat lewenservarings weerspieël, 'n benoudheidsgevoel te skep. Onderwyl inklusiwiteit en maatskaplike kohesie bevorder word, sal ons ook aandag skenk aan gemeenskappe wie se taal en, trouens, wie se kultuur die risiko loop om te verdwyn, sowel as aan die toenemende minderheidsgroepe binne die Wes-Kaap.

Openbare belangstelling in die land se geskiedenis en erfenis duï daarop dat die jeug 'n lewendige belangstelling toon in die vertolking en relevansie van historiese kwessies. Derhalwe is daar heelwat potensiaal vir geaffilieerde museums om aan gemeenskappe te bewys waarom hulle van maatskaplike belang is deur gemeenskappe by dialoë oor hierdie kwessies te betrek, tersaaklike programme aan te bied en 'n inklusiewe benadering tot dienslewering te volg.

Die departement sal sy pogings om bewustheid rakende argiewe op te skerp om sodoende begrip vir die waarde van argiefrekords en die rol van argiewe te verbeter. Argiewe beskerm die regte van mense in ons gemeenskap deur die regering tot verantwoording te roep en deur deursigtigheid te verseker. Hulle dra by tot die skep van nuwe kennis omdat hulle die roumateriaal vir navorsing bied wat tot nuwe ontdekings kan lei en dit moontlik maak vir perspektiewe uit die verlede om uitdrukking te vind. Sodoende kan ons uit die verlede leer. Dit is van absolute kritieke belang dat 'n verteenwoordigende argiefrekord eers moet oorleef alvorens dit aan enige moontlike gebruikers beskikbaar gestel word. Dit is waarom ons via die GBBP-proses aanbouings aan die argief geprioritiseer het sodat spasie geskep kan word vir duisende argiefrekords wat op oordrag vanaf regeringsliggame (munisipaliteite, ministeries, regeringsdepartemente en openbare entiteite) wag en waarna slegs Argiefdiens na behore kan omsien en kan verseker dat hulle toeganklik is. Argiewe moet nie in isolasie van die noodsaaaklike werk van argivarisse en rekordbestuurders beskou word nie, en om daardie rede het befondsing vir die vulling van sleutelvakatures binne die provinsiale argiewe geprioritiseer.

Die inisiatief "Mondelinge Geskiedenis" is met groot geesdrif begroet en derhalwe sal hierdie program in 2020/21 voortgesit word.

Statistiek Suid-Afrika se verslag oor die maatskaplike profiel van die jeug gedateer 2009-2014 duï daarop dat die jeug 'n hoë risiko loop om hulle tot misdaad te wend. Om daardie rede het die departement sy fokus op jeugontwikkelingsprogramme op die terrein van die kunste, taal, sport en rekreasie verhoog sowel as in die naskoolse sfeer. Die burgerlike samelewing het sportverwante strukture in alle geo-politieke distrikte in die provinsie. Die departement se bedrywigheide is daarop afgestem om geleenthede te skep vir die insluiting van al ons mense by opbouende maatskaplike aktiwiteite sodat toestande vir respek en verdraagsaamheid in ons samelewing geskep kan word.

Die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad het in Augustus 2019 ingevolge artikel 8 (8)(a) van die Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (Wet 59 van 1995) 'n Wes-Kaapse Provinciale Taalkomitee (PTK) aangestel. Dit het die geleentheid geskep vir die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad se PTK, die Wes-Kaapse taalkomitee en die departement om saam te werk en om gesamentlik hulpbronne en kundigheid in te span sodat die impak en implementering van die Wes-Kaapse taalbeleid groter sal wees en na behore gemonitor kan word.

## TEGNOLOGIESE OMGEWING

Tegnologiese vooruitgang bied nuwe platforms om burgers te betrek en maak dit moontlik om gelaagde inhoud te skep en tegelyk die interpretasie van artefakte en historiese gebeure deurlopend by te werk. Dit bied ook 'n kostedoeltreffende wyse waarop historie sonder die beperking van geografiese grense gedeel kan word en stel die departement in staat om dit in meer as een taal te doen.

Wêreldwyd groei die digitale bedryf die vinnigste, en dit blyk duidelik uit die rasse skrede waarmee musiek en die literêre kunste gestroom word.

Die projek om argiewe te gedigitaliseer sal verbeterde toegang via die web en die bewaring van sommige geïdentifiseerde argivalia verseker sodat daar aan die toenemende vraag voldoen kan word. Tendense in inligtingsbestuur, soos digitalisering en die elektroniese bestuur van rekords, verander deurentyd en die departement poog om op die hoogte van hierdie tendense te bly. 'n Robuuste IT-netwerk sal die deurlopende toeganklikheid van gedigitaliseerde beeld en elektroniese inhoud moontlik maak. Die implementering van Access to Memory (AtoM), wat webgebaseerde, beskrywende sagteware vir argiewe is, sal die aanlynbeskikbaarstelling van argiefmateriaal vergemaklik.

Die konnektiwiteitsprojek vir landelike biblioteke, Mzansi-aanlynbiblioteke en die ontplooiing van die breëband- en Wi-Fi-insiatiewe sal steeds toegang tot IKT aan die publiek bied.

Gemeenskappe, veral die jeug, neem toenemend deel aan aanlyn-aktiwiteite deur van internetgebaseerde inligting- en vermaakbronne gebruik te maak. Derhalwe is dit nodig dat museums sal verseker dat hulle uitstallings en publieke programme toeganklik is via aanlynnetwerke sodat dit steeds relevant bly vir die jeug.

Voorts, soos beskryf in die strategiese raamwerk vir 2020-2025 se provinsiale strategiese plan, is daar steeds ongelykheid in leerderontwikkeling en akademiese uitkomste. Histories is dit minder waarskynlik dat leerders uit arm gemeenskappe toegang sal hê tot uitstekende naskoolse programme (soos sport, kultuur en ander aktiwiteite soos kodering); dat hulle, te danke aan 'n toestroming van leerders, onderwerp sal word aan oorbesette klaskamers; dat hulle beperkte blootstelling aan e-Leer-geleenthede sal hê; dat hulle beperkte toegang tot uitmuntende naskoolse private onderrig sal hê; en dat hulle minder geleenthede sal hê om aan uitstappies deel te neem. Hierdie faktore word met swak akademiese prestasie geassosieer. Die holistiese (d.w.s. akademie, sport, kuns en kultuur) fokus van naskoolse programme bied aan leerders die geleentheid vir eksperiensiële leer wat as van kernbelang vir die 4de industriële revolusie (4IR) beskou word. Derhalwe sal die departement aanhou om toegang te bied tot sport, die kunste, kultuur en ander naskoolse aktiwiteite sowel as geleenthede om leesvaardighede op te skerp en inisiatiewe wat onderwysuitkomste ondersteun.

## OMGEWINGSFAKTORE

Die droogte en gebreklike waterbronne gaan 'n impak op die departement se werksaamhede hê. Sporttoerisme gaan beïnvloed word wanneer federasies nie in staat is om geleenthede weens omgewingsfaktore aan te bied nie. Die voortslepende droogte gaan 'n impak op sportfasilitete hê aangesien instandhouding 'n probleem gaan word. Voorts is waterbesparingsmaatreëls oral in die departement ingevoer, bv. by kultuur-, museum- en sportfasilitete. Die departement gaan ook

ondersoek instel na alternatiewe sportoppervlakte wat nie van water afhanklik is nie en ook na alternatiewe bronne kyk.

Die voortslepende droogte en frekwensie van brande oral in die provinsies in gebiede soos die historiese dorpie Wupperthal het aansienlike skade aan en vernietiging van erfenishulpbronne tot gevolg gehad. Die departement, via sy entiteit Erfenis Wes-Kaap, werk steeds saam met plaaslike munisipaliteite en belanghebbers om korttermyn- en langtermyn- versagende maatreëls te bestuur.

Die risiko van natuurrampe en ekstreme weersvoorvalle kan skade aan argiefversamelings tot gevolg hê, en daarom is voorbereiding vir rampe en gereelde instandhouding van die argiefgebou van kritieke belang.

#### REGS- EN REGULATORIESE OMGEWING

Die omgewing waarbinne voorsieningskanaalbestuur funksioneer, word deesdae erg gereguleer ter ondersteuning van klein-, medium en mikro-ondernehemings. Die onvoorsiene gevolg van hierdie hoogsgeregleerde omgewing is dat geweldige druk op personeelkapasiteit geplaas word om te verseker dat die departement oor die vermoë beskik om aan die behoeftes van hierdie veranderende omgewing te voldoen.

#### VEILIGHEID- EN SEKURITEITSOMGEWING

Soos beskryf in die strategiese raamwerk vir 2019-2024 se provinsiale strategiese plan gaan Wes-Kaapse gemeenskappe steeds regstreeks en onregstreeks gebuk onder die impak van geweldsmisdaad. Die departement se sport-, kuns- en kultuurprogramme wat opvoedkundige en indiensnemingsuitkomste ondersteun en programme wat mense weglei van negatiewe sosiale gedrag ondersteun almal die verbetering van die veiligheidsumgewing.

Die departement sal oorweging skenk aan maniere om die veiligheid en sekuriteit van alle mense, instansies en fasiliteite onder sy beheer te verbeter, in die besonder die beveiliging van erfenishulpbronne. Die departement het addisionele befondsing verskaf om sekuriteitskenmerke by museums en kultuurfasiliteite te verbeter.


Sasria-vereistes vir veiligheid- en sekuriteitsplanne vir sekere geleenthede belemmer die aanbied van groot geleenthede, en die departement sal oorweging skenk aan maniere om hierdie uitdaging vir dienslewering die hoof te bied.

### **4.2. Interne omgewing**

Die departement se makrostruktuur sien tans as volg daaruit:



# Organisatoriese organogram



## Kritieke vakatures

Indiensneming en vaktures per program soos op 31 Maart 2019			
Program	Getal aktiewe poste	Getal poste gevul	Vakature-koers %
Program 1	102	101	1.0%
Program 2	185	181	2.2%
Program 3	212	209	1.4%
Program 4	71	69	2.8%
<b>Totaal</b>	<b>570</b>	<b>560</b>	<b>1.8%</b>

Indiensneming en vaktures per salarisbande, soos op 31 Maart 2019			
Salarisband	Getal aktiewe poste	Getal poste gevul	Vakature-koers %
Laergeskoold (Vlakte 1-2)	104	104	-
Geskoold (Vlakte 3-5)	176	175	0.6%
Hoogsgeskoold produksie (Vlakte 6-8)	193	187	3.1%
Hoogsgeskoold toesighouding (Vlakte 9-12)	84	81	3.6%
Senior bestuur (Vlakte 13-16)	13	13	-
<b>Totaal</b>	<b>570</b>	<b>560</b>	<b>1.8%</b>

Indiensneming en vaktures per kritieke beroep, soos op 31 Maart 2019			
Kritieke beroep	Getal aktiewe poste	Getal poste gevul	Vakature-koers %
Argivaris	16	16	-
Kultuurbeampte	6	6	-
Erfenisbeampte	4	3	25.0%
Taalpraktisyen	4	4	-
Bibliotekaris	26	25	3.8%
Museumgeesteswetenskaplike	8	8	-
Sportbevorderingsbeampte	20	19	5.0%
<b>Totaal</b>	<b>84</b>	<b>81</b>	<b>3.6%</b>

Die departement gaan daaroor werk om sy vakaturekoers te verlaag en die tyd wat dit neem om poste te vul. Ten einde werk te maak van die tekort aan kritieke vaardighede sal kritieke bevoegdhede in die werkplekvaardigheidsplan (WVP) geprioritiseer word sodat werknemers se vaardighede verbeter word, en geprioritiseerde studievelde sal by kriteria vir die toekenning van beurse geïnkorporeer word. Die departement beskik oor 'n omvattende internskaprogram. Hierdie program sal voortgesit word sodat die departement 'n vaardigheidsbasis het waaruit dit kern- en kritieke vaardighede kan put.

## Werksmagplan 2020/21

Die nuwe MH-plan is op 1 April 2018 geïmplementeer. Die volgende prioriteite is vir die tydperk 2018 – 2023 geïdentifiseer en goedgekeur:

PRIORITEIT	UITKOMSTE
Organisatoriese struktuur	'n Werkplek wat bevorderlik is vir prestasie
Opleiding en ontwikkeling	Bedreve mense van die regte hoeveelhede op die regte plek op die regte tyd met die regte ingesteldheid
Opvolgbeplanning en loopbaanontwikkeling	Bedreve mense van die regte hoeveelhede op die regte plek op die regte tyd met die regte ingesteldheid
Kultuur en etiek	Leiers wat as 'n model dien van die gedrag wat met die organisasie se waardes geassosieer word Hoogsbetrokke mense 'n Burgergesentreerde prestasiekultuur

## Stelsels en IT

Die departement sal voortgaan om die volgende IT-projekte in die 2020/21-boekjaar te ondersteun:

- Stelselondersteuning vir die NAAIRS-, Atom-, SBIBS- en OIB-stelsel van die departement van sport, kuns en kultuur en die staat se inligtingstegnologie-agentskap onderskeidelik.
- Die implementering van 'n jaarlikse befondsingstelsel vir kultuursake sal lei tot doeltreffender bestuur van die jaarlikse befondsingsproses vir kultuurgroepe wat befondsing van die departement verlang.
- 'n Gimnasiumbestuurstelsel sal geïmplementeer word om toegang tot die Wes-Kaapse Regering se gimnasium beter te beheer.

## Akkommodasie

Die departement beset tans nege gehuurde en 17 staatsgeboue in die Wes-Kaap. Hierdie geboue maak dit vir die departement moontlik om sy strategiese voorneme na te kom. Soos bespreek in die departement se 2020/21-gebruikersplan vir die bestuur van onroerende bates gaan die departement oor die lang termyn poog om:

- Sy geboue proaktief te herstel en op 'n geroetineerde wyse in stand te hou;
- Kantoorakkommodasie vir die kantoorbestuurders van die hoofdirektorate kultuursake en sport en ontspanning te verskaf;
- Gesikte akkommodasie vir die voorgestelde Kaapstadmuseum te huur wat
- 'n Fasilitet moet insluit waar nuwe versamelings behandel en herstel kan word
- en waar waardevolle argeologiese materiaal geberg kan word;
- Kantoorakkommodasie te maksimeer en ruimte in die Protea-assuransiegebou vry te stel deur kantoorakkommodasie te bekom vir die verskuwing vanaf die Protea-assuransiegebou van die Ruyterwacht-museumdienstekantoor en die direktorate erfenis, museums en geografiese name en kuns, kultuur en taal sowel as verbandhoudende UOWP-begunstigdes in diens van die DKES;
- Akkommodasie in die Wes-Kaap te bekom vir ses Sporthuise wat verskeie federasies in die volgende streke sal help om hul onderskeie mandate na te kom: Kaapse Metro, Sentrale Karoo, Weskus, Overberg, Eden en Kaapse Wynlande;
- Kantoorakkommodasie in Caledon en Bredasdorp te bekom vir sport- en ontspanningpersoneel; en Ruimte te verskaf vir argiefrekords komende van alle WKR-departemente, ministeries, munisipaliteite en openbare entiteite.

## DEEL C: MEET VAN ONS PRESTASIE

Departementele impak en uitkomste:

Impakverklaring	'n Maatskaplik inklusiewe, kreatiewe, aktiewe en verbonde Wes-Kaap.
-----------------	---

No.	Uitkomste	Uitkomste-aanwyser	Basislyn	Vyfjaar-teiken
1	Toegang tot en geleenthede vir deelname aan die kuns-, kultuur- en erfenissektor ter ondersteuning van ekonomiese groei en veilige en koherente gemeenskappe	Verhoogde opname van dienste in die kuns-, kultuur- en erfenissektor in die Wes-Kaap	400 250	425 300
2	Toegang tot inligting en kennis ter ondersteuning van 'n leeskultuur en lewenslange leer	Getal geregistreerde biblioteekgebruikers	378	381
		Getal besoeke deur navorsers	8 700	8 800
3	Toegang tot en geleenthede vir deelname aan sport en ontspanning	Verhoogde opname van dienste in die sport- en ontspanningsektor in die Wes-Kaap	444 210	475 000

### 5. Program 1 Prestasie-inligting

#### Program 1: Administrasie

**Doeleind:** Om algemene finansiële en strategiese bestuurs- en administratiewe ondersteuning aan die Departement van Kultuursake en Sport te verskaf

##### Ontleding per subprogram

###### **Subprogram 1.1: Kantoor van die LUR**

Om administratiewe, kliënteskakelings- en ondersteuningsdienste aan die Minister van Kultuursake en Sport te verskaf

###### **Subprogram 1.2: Finansiële Bestuursdienste**

Om 'n algemene ondersteuningsdiens vir finansiële bestuur aan DKES te verskaf, insluitend finansiële bestuursdienste aan die drie openbare entiteite wat aan die minister van kultuursake en sport rapporteer

###### **Subprogram 1.3: Bestuursdienste**

Om 'n administratiewe ondersteuningsfunksie aan die departementshoof te lewer deur 'n doeltreffende kommunikasiediens en strategiese en bedryfsondersteuningsdienst te verskaf, met inbegrip van 'n monitering- en evalueringdienst, die implementering van initiatiewe vir diensleweringsverbetering, doeltreffende kliënteverhoudings, of doeltreffende bestuur van intra-/interregeringsbetrekkinge, en beperkte voorsiening vir instandhoudings- en akkommodasiebehoeftes te maak

## 5.1. Uitkomste, uitsette, prestasie-aanwysers, jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitkomste	Uitsette	Aanwyser no.	Uitsetaanwysers	VIP-koppeling	Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie 2019/20	Mediumtermyn-teikens					2021/22	2022/23
					2016/17	2017/18	2018/19		2020/21	Kwartaallikse teikens					
					1ste	2de	3de	4de							
Almal	Jaarlikse verbeteringsplan vir finansiële bestuur (FMIP)	1.2.1	Getal planne geïmplementeer ter verbetering van auditresultate en vermindering van auditbevindinge geopper deur Ouditeur-Generaal en interne ouditeur ter bereiking van diensuithemendheid	5	1	1	1	1	1	-	-	-	1	1	1
Almal	Aanbevelings van interne audit geïmplementeer	1.2.2	Percentasie van aanbevelings van interne audit geïmplementeer	5	-	-	-	-	100%	100%	100%	100%	100%	100%	100%
Almal	Jaarverslag aan burgers Jaarlikse verslag oor dienslewering-verbeteringsplan	1.3.1	Getal Batho Pele- / diensleweringverbeterings-dokumente opgestel	5	2	2	2	2	2	-	1	-	1	2	2
Almal	Evaluering	1.3.2	Getal evaluerings uitgevoer (verwant aan monitering en evaluering)	5	1	1	1	1	1	-	-	-	1	1	1
Almal	Kwartaallikse prestasieverslae	1.3.3	Getal kwartaallikse prestasiemoniteringsverslae opgestel	5	-	4	4	4	4	1	1	1	1	4	4
Almal	GBBP	1.3.4	Getal GBBP's ingedien	5	-	1	1	1	1	-	-	-	1	1	1
Almal	Departementele sakekontinuïteitsplan	1.3.5	Departementele sakekontinuïteitsplan word jaarliks hersien en, waar nodig, aangepas	5	-	-	-	-	1	-	-	-	1	1	1
Almal	PERSAL-verslag	1.3.6	Getal interns verbonde aan die Premier se "bevordering van die jeug"- internskapprogram (PJB)	5	-	-	-	-	32	32	-	-	-	32	32
Almal	Kommunikasieplan	1.3.7	Goedgekeurde departementele kommunikasieplan	5	-	-	-	-	1	-	-	-	1	1	1

## **5.2. Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermyn tydperk**

### **Bydrae van uitsette tot bereiking van uitkomste en impak**

Goeie bestuurstoesig lê al die departement se werk ten grondslag en, as sodanig, dra program 1 by tot die bereiking van die departement se uitkomste.

### **Verduideliking van beplande prestasie**

Die finansiële bestuursplan dien as 'n werktuig om interne en eksterne auditbevindinge te monitor. Deur die implementering van hierdie plan word die departement se beheeromgewing verbeter. Dit behels gestrenge monitering en opvolging van die bevindinge op 'n kwartaallikse basis.

Die verantwoordelikhede van subprogram 1.3: Bestuursdienste omvat die implementering van Batho Pele-inisiatiewe binne die departement, monitering en evaluering van die departement se prestasie, en beplanning vir die departement se behoeftes aan onroerende batebestuur. Hierby ingesluit is die ontwikkeling en goedkeuring van terreinspesifieke eienskappe en 'n jaarverslag vir burgers, kwartaallikse prestasiemoniteringsverslae, die afhandeling van evaluering en 'n gebruikerbatebestuursplan.

## 5.3. Program se hulpbronoorwegings

### Beraamde uitgawes

#### Program 1: Administrasie

Subprogram R duisend	Bestedingsuitkomste			Aangesuiwerde begroting 2019/20	Beraamde mediumtermyn-uitgawe		
	2016/17	2017/18	2018/19		2020/21	2021/22	2022/23
Kantoor van die LUR	7 752	7 834	9 369	9 252	9 269	9 513	10 247
Finansiële Bestuursdienste	28 003	31 806	30 998	33 152	35 259	38 205	40 868
Bestuursdienste	23 207	24 039	24 290	26 541	27 322	29 014	30 905
Totaal	58 962	63 679	64 657	68 945	71 850	76 732	82 020

#### Ekonomiese klassifikasie

Lopende betalings	55 076	59 226	61 908	65 509	68 836	73 817	78 930
Vergoeding van personeel	45 202	48 404	49 264	52 702	56 561	61 201	65 115
Goedere en dienste	9 874	10 822	12 644	12 807	12 275	12 616	13 815
Oordragte en subsidies:	20	458	237	162	18	18	20
Provinse en munisipaliteite							
Departementele agentskappe en rekeninge	20		17	16	18	18	20
Universiteite en technikons							
Openbare koöperasies en private ondernemings							
Buitelandse regerings en internasionale organisasies							
Organisasies sonder winsbejag							
Huishoudings		458	220	146			
Betalings vir kapitaalbates	3 859	3 988	2 510	3 274	2 996	2 897	3 070
Masjinerie en toerusting	3 859	3 988	2 510	3 274	2 996	2 897	3 070
Sagteware en ander ontasbare bates							
Betalings vir finansiële bates	7	7	2				
Totaal	58 962	63 679	64 657	68 945	71 850	76 732	82 020

#### Bydrae van hulpbronne tot bereiking van uitsette

Die begrotingstoewysing verhoog met 4,21 persent of met R2.905 miljoen in 2020/21, vanaf R68.945 miljoen in 2019/20 (aangesuiwerde begroting), tot R71.850 miljoen in 2020/21.

Vir 2020/21 word die volgende voorsiening vir salariaanpassings ingesluit: 5,8 persent vir salarisvlakke 1 tot 7; 5,3 persent vir salarisvlakke 8 tot 10; 4,8 persent vir salarisvlakke 11 tot 12; en 4,8 persent vir SBD-lede.

## 5.4. Bygewerkte deurslaggewende risiko's

Uitkomste	Deurslaggewende risiko	Versagting van risiko
Om diensuitnemendheid te bereik deur die volgehoue verbetering van finansiële bestuurspraktyke	Onsekerheid rakende begrotingspakkie: Ontoereikende begroting en kapasiteit belemmer finansiële bestuur se vermoë om diensleweringsprogramme na behore te ondersteun gegrond op die deurlopende hersiening en verbetering van finansiële bestuurspraktyke	Benut gegradeerde interns en UOWP-begunstigdes om die volgehoue verbetering van finansiële bestuurspraktyke ter ondersteuning van diensleweringsprogramme te verseker
Om gepaste ondersteuning aan alle ander programme te verseker ten einde hulle in staat te stel om dienslewering te verbeter	Onsekerheid rakende begrotingskoevert: Ontoereikende begroting en kapasiteit belemmer die DKES se vermoë om sy mandaat om die departement se bydrae tot dwarsliggende provinsiale programme te koördineer, na te kom.	Die DKES beplan om die begroting inkrementeel oor die MTUR-tydperk te verhoog.

## **6. Program 2 Prestasie-inligting**

### **Program 2: Kultuursake**

**Doel:** Om dienste verwant aan kuns en kultuur, museums, erfenis en taal aan die inwoners van die Wes-Kaap te verskaf

#### **Ontleding per subprogram**

##### **Subprogram 2.1: Bestuur**

Om strategie bestuursondersteuning aan kultuursake te verskaf

##### **Subprogram 2.2: Kuns en kultuur**

Om die ontwikkeling, bewaring en bevordering van kuns en kultuur in die Wes-Kaap te faciliteer deur die skep van inklusiewe, doeltreffende en dinamiese funksioneerende kuns- en kultuurstrukture, - aktiwiteite en -omgewings te skep; en om die Wes-Kaapse Kultuurkommissie te ondersteun om sy wetgewende mandaat uit te voer

##### **Subprogram 2.3: Museumdienste**

Om die transformasie van die Wes-Kaapse erfenis te versnel deur via geaffilieerde museums museologiese dienste vir die bewaring, ontwikkeling en bevordering van die erfenis van die provinsie te verskaf

##### **Subprogram 2.4: Erfenishulpbronbestuursdienste**

Om Erfenis Wes-Kaap te ondersteun en van hulp te wees om erfenishulpbronne van belang te identifiseer, te beskerm, te bewaar, te bestuur en te bevorder ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999; om aangeleenthede verwant aan wêrelderfenisterreine in die Wes-Kaap ingevolge die Wet op die Wêrelderfeniskonvensie, 1999 te faciliteer; om prosesse vir die standaardisering of verandering, waar nodig, van geografiese name in die Wes-Kaap te faciliteer deur op provinsialevlak die mandate van die Wet op die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name, 1998 te implementeer

##### **Subprogram 2.5: Taaldienste**

Om veertaligheid in die Wes-Kaap te bevorder ter verbetering van dienslewering en toeganklikheid; om die ontwikkeling van voorheengemarginaliseerde inheemse tale aktief te bevorder; om die implementering en monitoring van die Wes-Kaapse Taalbeleid te faciliteer; en om administratiewe en bestuursondersteuning aan die Wes-Kaapse Taalkomitee te bied ter uitvoering van sy wetgewende mandaat

## 6.1. Uitkomste, uitsette, prestasie-aanwysers, jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitkomste	Uitsette	Aanwyser no.	Uitsetaanwysers	VIP-koppeling	Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie 2019/20	Mediumtermyn-teikens					2021/22	2022/23
					2016/17	2017/18	2018/19		Kwartaallikse teikens				2021/22	2022/23	
									2020/21	1ste	2de	3de	4de		
1	UOWP-werksgeleenthede	2.1.1	Getal UOWP-werksgeleenthede geskep*	2	347	370	467	400	412	-	-	-	412	425	437
1	Kapasiteitsbouaprogramme	2.2.1	Getal beroefenaars wat by kapasiteitsbougeleenthede baat	3	249	340	249	249	249	35	120	71	23	249	249
1	Geleenthede om nasionale en historiese dae te gedenk	2.2.3	Getal geleenthede om nasionale en historiese dae te gedenk	3	3	3	3	3	3	1	2	-	-	3	3
1	Getal strukture ondersteun	2.2.4	Getal gemeenskapstrukture ondersteun	3	30	33	32	34	36	-	-	-	36	37	37
1	Getal geleenthede om nasionale simbole en ordes te bevorder	2.3.1	Getal bevorderingsintervensies om nasionale simbole en ordes te bevorder	3	3	3	3	3	3	-	1	1	1	3	3
1	Finansiële bystand aan die Wes-Kaapse Taalkomitee	2.5.1	Getal koördinerende taalstrukture deur oordragbetalings ondersteun	3	1	1	1	1	1	-	1	-	-	1	1
1	Finansiële bystand aan kuns- en kultuurorganisasies	2.2.5	Getal kans- en kultuurorganisasies deur oordragbetalings ondersteun	3	67	59	55	60	60	5	25	25	5	60	60
1	Uitstalling- en reclameplatforms	2.2.6	Getal projekte om kuns en kultuur te ontwikkel en te bevorder	3	22	22	18	18	18	3	8	5	2	18	18
1	Finansiële bystand aan kultuurkommissies	2.2.7	Getal kultuurkommissies ondersteun	3	-	-	1	1	1	-	1	-	-	1	1
1	Finansiële en administratiewe ondersteuning verleen aan geaffilieerde museums	2.3.2	Getal geaffilieerde museums ondersteun	3	24	24	24	30	31	25	-	-	6	31	31

Uitkomste	Uitsette	Aanwyser no.	Uitsetaanwysers	VIP-koppel ing	Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie 2019/20	2020/21	Mediumtermyn-teikens				2021/22	2022/23	
					2016/17	2017/18	2018/19			Kwartaallikse teikens						
					1ste	2de	3de	4de								
1	'n Museumdiens wat goed in stand gehou word en deurlopend bystand aan geaffilieerde museums bied	2.3.3	Getal museumdienste gehandhaaf om bystand aan geaffilieerde museums te bied	3	-	-	1	1	1	-	-	-	1	1	1	
1	Platforms om kennis te deel deur geaffilieerde museums en verteenwoordigers van regeringsliggame bygewoon	2.3.4	Getal platforms aangebied waar museums kennis kan uitruil	3	-	-	1	1	1	1	-	-	-	1	1	
1	Lewer opvoedkundige programme by geaffilieerde museums	2.3.5	Getal opvoedkundige museumprogramme gelewer	3	-	-	3	3	3	-	1	1	1	3	3	
	Getal besoekers aan geaffilieerde museums	2.3.6	Getal besoekers aan museums	3	-	-	-	-	400 000	100 000	100 000	100 000	100 000	405 000	410 000	
1	Jaarlikse oordragbetaling aan provinsiale erfenishulpbronbestuursowerhede deur oordragbetalings ondersteun	2.4.1	Getal provinsiale erfenishulpbronbestuursowerhede deur oordragbetalings ondersteun	3	1	1	1	1	1	1	-	-	-	1	1	
1	Hersien en verifieer geografiese name in die provinsie	2.4.2	Getal geografiese name geverifieer en hersien deur Wes-Kaapse provinsiale komitee vir geografiese name	3	340	340	340	340	340	340	-	110	110	120	340	340
1	Getal projekte afgehandel ter bevordering van veeltaligheid, voorheengemarginaliseerde inheemse tale en SA Gebaretaal	2.5.2	Getal projekte wat werk maak van die wetgewende mandaat om veeltaligheid, voorheengemarginaliseerde inheemse tale en SA Gebaretaal te bevorder	3	6	6	6	6	6	2	1	1	2	6	6	

Uitkomste	Uitsette	Aanwyser no.	Uitsetaanwysers	VIP-koppel ing	Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie 2019/20	Mediumtermyn-teikens						
					2016/17	2017/18	2018/19		Kwartaallikse teikens				2021/22	2022/23	
					2020/21	1ste	2de	3de	4de						
1	Taalondersteuningsdienste in die drie amptelike tale van die Wes-Kaap en Suid-Afrikaanse Gebaretaal verskaf	2.5.3	Getal taalondersteuningsdienste in die drie amptelike tale van die Wes-Kaap en Suid-Afrikaanse Gebaretaal verskaf (nuwe aanwyser)	3	-	-	-	-	380	95	95	95	95	380	380

## **6.2. Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermynydperk**

### **Bydrae van uitsette tot bereiking van uitkomste en impak**

Toegang tot en geleenthede vir deelname aan die kuns-, kultuur- en erfenissektor ter ondersteuning van ekonomiese groei en veilige en koherente gemeenskappe sal vermag word deur:

- Die volgehoue bevordering en monitering van die implementering van die Wes-Kaapse taalbeleid deur perseelbesoeke aan provinsiale departemente wat deel sal uitmaak van die evaluering van die opvolg-opname wat in 2019 uitgevoer is;
- Bevordering van Suid-Afrikaanse Gebaretaal deur saam te werk met belanghebbende agentskappe ten einde bewusmaking van gehoorgestremdes op 'n gereelde grondslag te bevorder;
- By te dra tot maatskaplike inklosiwiteit en veilige gemeenskappe wat die vorm sal aanneem van die opleiding en ontwikkeling van personeel en taalbelanghebbers via samewerkende pogings in samehang met die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad en ander tersaaklike instansies;
- Venootskappe met akademiese instansies aan te gaan ten einde via leer voorspraak te maak vir inheemse tale;
- Venootskappe met taalentriteite aan te gaan om konferensies aan te bied oor die waarde van inheemse tale in die vorming van Afrika se toekomstige ontwikkeling;
- Met belanghebbers saam te werk om veeltaligheid en geletterdheid te bevorder;
- Taaldiensorsteuning te verskaf in die drie amptelike tale van die Wes-Kaap en Suid-Afrikaanse Gebaretaal; en
- Oordragbetalings te maak en administratiewe ondersteuning te verleen aan die Wes-Kaapse Taalkomitee, Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Erfenis Wes-Kaap.
- Deur sy kunsontwikkelingsprogram sal die departement bydra tot die skep van veiliger en meer koherente gemeenskappe by wyse van die implementering van kunsaktiwiteite wat alternatiewe positiewe aktiwiteite vir die jeug bied sowel as deur platforms te verskaf wat artistieke talent ten toon stel en plaaslike identiteite bou wat tot maatskaplike kohesie bydra. Die onderskeie kunsopleidingsprogramme is daarop afgestem om die jeug in die kunste te bemagtig ten einde artistieke talent te ontwikkel en toegang tot werkgeleenthede in die skeppende bedrywe te vergemaklik.
- Deur middel van die jaarlikse befondsingsprogram dra ons daartoe by om 'n bemagtigende omgewing te skep wat aan organisasies 'n geleentheid bied om die lewens van kunstenaars, ontvangers, beoefenaars van die kunste en gehore te versterk deur die ondersteuning wat gelewer word.

